

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 5, No. 2

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Is u moontlik mislei?

U het waarskynlik al die gesegde gehoor wat aan die sirkusmagnaat Phineas T. Barnum toegeskryf word: “Daar word elke minuut 'n stommerik gebore.” Amper almal van ons is ten minste 'n paar keer in ons lewens mislei. Na deeglike navorsing, blyk dit dat Barnum se beroemde “gesegde” ook 'n misleiding was wat deur een van sy mededingers uitgedink is. Ons word gewoonlik deur relatief onbenullighede mislei, dikwels as gevolg van ons eie nalatigheid. Dit sal egter baie ernstiger wees as ons uitvind dat ons oor die **hoofaspekte** van die lewe mislei is. Die meeste van ons **aanvaar** byvoorbeeld net dat ons ouers se godsdienst “goed genoeg vir ons is.”

Waarom?

As daar 'n werklike en persoonlike God is en as Hy 'n plan en doel met ons het, dan is dit oneindig belangriker om daardie groot **doel** te vervul as om planne te maak om meer geld te kan maak of om “gelukkig” te wees in die paar kort jare van ons lewens. Is dit **by verre** die belangrikste ding in **u** lewe—belangriker as enigiets anders—om te begryp wat die ware verhouding tussen u en u Skepper is? Of **aanvaar** u maar net dat alles reg is?

'n Baie wyse man het eendag vir my gesê: “Moet niks net **aanvaar** nie!” Tog kan die meeste

mense egter baie maklik vir die gek gehou of “mislei” word aangaande godsdienstaangeleenthede, aangesien hulle aanvaar dat hulle weet wat reg is. Hulle bestee so min tyd of deurdagte denke daaraan om te **bewys**—of te probeer bewys—wat hulle glo. Soos ons reeds telkemale tevore vir u gesê het, dui verskeie godsdienst-opnames en meningspeilings **almal** daarop dat Amerikaners, Kanadese en Britte in werklikheid “Bybel-ongeletterd” is. Selfs die meeste kerkgangers kan nie die vier Evangelies, die Tien Gebooië, of die meeste van die ander sleutelfeite en persone in die Bybel opnoem nie. Dit is duidelik dat die meeste belydende Christene in ons Westerse samelewing **geen idee hoegenaamd** het waarom hulle werklik glo wat hulle glo nie. Hulle neem gewoonlik net die geloof van hul ouers of vriende aan.

Ek het ook opgemerk dat baie Amerikaners **aanvaar** dat die meeste mense op aarde Christene is. Hulle dink selde aan die feit—'n feit wat **maklik bewys kan word** deur byna enige ensiklopedie of wêreldkaart—dat die meeste mense op hierdie aarde nie belydende Christene **is, of ooit was nie**. Die meeste Amerikaners **aanvaar** dat die “meerderheid altyd reg is.” Tog is Christendom egter beslis 'n “minderheidsgeloof”!

Ek vra dus weer, **waarom** glo u wat u glo?

Is dit omdat u deur ywerige *studie* vir uself die bestaan van 'n ware God **bewys** het? Het u ook tot u eie tevredenheid **bewys** dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is—die openbaring van ons Skepper om ons te help verstaan wat die ware doel van die lewe is en hoe om daardie doel te vervul?

Indien u dus glo dat die Bybel deur die Skepper geïnspireer is, **bestudeer** u die Bybel opreg om te verstaan wat dit werklik sê? Want sonder werklike *Bybelstudie*, kan u 'n “maklike teiken” vir *Satan se misleidings* wees! Soos Jesus Christus sê, “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van *elke woord van God*” (Lukas 4:4).

Dink!

Hoe is dit moontlik om te “leef” volgens *elke woord* van 'n boek wat u nie deeglik bestudeer het nie? *Hoe maklik* sal dit nie vir mislei of vals leraars wees om u te mislei oor wat die Bybel werklik sê nie? Aangesien die meeste van u wat hier lees, opreg glo dat die Bybel geïnspireer is, let op wat die apostel Paulus geïnspireer is om ons te vertel, “Lê jou daarop toe om jou **beproof** voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid *reg sny*” (2 Timotheus 2:15).

Dus wil ek **elkeen** van u ten sterkste aanraai, vir u *eie onthalwe*, om **tyd** en **verstand** daaraan te begin wy om die **Vervolg op bladsy 27**

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik—Is u moontlik mislei?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Daar kom 'n nuwe wêreld! 3

Kan u u die werklikheid van die komende Millennium indink, wanneer die aarde onder die volmaakte heerskappy van Jesus Christus sal wees? U Bybel onthul 'n boodskap van hoop oor hierdie tyd wat binnekort kom.

Paasfees—Broei u op 'n legende? 7

Tydens Paasfees gedenk miljarde mense Jesus Christus se opstanding, maar hoeveel van hulle weet egter wat hulle doen? Baie mense besef nie dat die eerste Christene nie Paasfees gevier het nie en dat die Skrif 'n Bybelse alternatief bied wat deur God Self ingestel is.

Maak gereed vir die Pasga 8

Voor ons ons oë uitvee, is die Pasga op ons! Is u geestelik gereed om die simbole wat daarmee gepaardgaan, op waardige wyse te gebruik? Maak seker u ondersoek uself na wense!

Aborsie: 'n Hedendaagse Groot Slagting? 10

Miljoene ongebore babas word jaarliks in hul ma se baarmoeder vermoor. Wat sê deesdae se algemene aanvaarding van aborsie vir ons omtrent onself en die moderne samelewing? Wat hou die toekoms in vir 'n wêreld waar aborsie aan die orde van die dag raak? U moet weet!

Laat u lig skyn 14

Volg u die voorbeeld wat Christus vir ons gestel het in hoe u teenoor u medemens optree? Hierdie artikel sal u praktiese riglyne gee wat u regstreeks op uself van toepassing kan maak!

Die toekoms van demokrasie 17

Ander nasies het Amerika vir meer as 200 jaar beskou as 'n vesting van demokrasie. Voormalige bondgenote het hulle egter in die afgelope paar jaar begin distansieer en die verspreiding van Islam daag Westerse waardes uit. Het demokrasie 'n toekoms? U Bybel onthul 'n verbasende antwoord!

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za

Wêreld van Mōre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif het geen inteenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Daar kom 'n nuwe wêreld!

Deur Roderick C. Meredith

Lê daar 'n "beter wêreld" voor? Kan u die glorieryke toekoms wat voorlê, visualiseer?

Daar is deesdae ware *pyn* en *lyding* regoor die aarde. Ongelukkig sal dit oor die volgende paar jaar veel erger word. Soos hulle egter sê: "Dit is altyd die donkerste net voor dagbreek."

En wat 'n besliste **glorieryke** "dagbreek" sal dit nie wees nie!

Vandag lees en hoor ons egter gedurig van *honderde duisende* mense wat stadigaan sterf in die Soedan en ander dele van die wêreld. Ons hoor van tallose duisende vroue wat mishandel, verkrag en totaal verneder word. Ons lees dikwels van hoe die polisie en ander owerhede net "anderpad kyk" met hierdie menslike tragedies.

Ons lees en hoor gereeld van ongekende duisende in Afrika wat VIGS opdoen. Stede en dorpe word in geheel deur hierdie moderne plaag lamgelê—wat meestal versprei word deur die losbandige seksuele praktyke van dié wat besmet is. Intussen ondervind reuse gebiede van ons planeet *ernstige droogte*. Dit sal binnekort begin om 'n uitwerking te hê op die gewasse en voedselvoorraad van baie nasies. Dan steier die Verenigde State ook nog as gevolg van verlede jaar se vernietigende Orkaan Katrina—net een van verskeie dodelike orkane wat die VSA in die afgelope paar jaar

getref het. Aan die anderkant van die wêreld raak die dodelike aardbewing en vloedgolf in Suid-Asië steeds die lewens van baie mense. Die volle omvang van verlede September se verskriklike aardbewing in Pakistan, wat meer as 80 000 lewens geëis het, is nog nie bepaal nie.

Nou waarsku "deskundiges" ook van 'n potensiële wêreldwye *pandemie* van voëlgriep, wat volgens party deskundiges die lewens van enigiets tussen 150 en 360 **miljoen** mense wêreldwyd kan eis!

Ons huidige samelewing is in *terminale* moeilikheid! Na bykans 6 000 jaar van aangetekende menslike geskiedenis is ons samelewing besig om "onoplosbare" probleme teë te kom. Hierdie probleme strek van weerrampe tot verskriklike oorloë, klein en groot, met barbaarse dade wat teen ongekende duisende mans, vroue en kinders gepleeg word. Ons wêreld staan nou klaarblyklik onoorkombare ekologiese steurings, ekonomiese ontwrigting en verskriklike etniese struwelinge in die gesig.

Wat is die OPLOSSING?

Baie vooraanstaande leiers en politici het vir jare besef dat slegs 'n *waarlike wêreldregering*

ware vrede en stabiliteit na ons planeet kan bring. Die mensdom se powere pogings in hierdie verband het egter nog altyd misluk, en sal *voortaan steeds misluk*, want mense ken nie die *weg* na wêreldvrede en voorspoed nie. Vir diegene wat werklik verstaan, behoort dit al hoe duideliker te word.

Soos sir Winston Churchill voor die Amerikaanse kongres gesê het: "Daar word 'n groot *ontwerp* en **doel** hieronder uitgewerk." Ons kan bly wees daar *is* 'n werklike **God** wat die sake van mense en nasies rig—**veel meer** as wat selfs die meeste godsdienstige mense besef. *Indien* u vir uself kan bewys dat die God van die Bybel werklik is en dat die Bybel *Sy geïnspireerde Woord* is, kan dit u lewe *omkeer*. U kan die **doel** in die verskriklike gebeure wat met toenemende gereeldheid begin plaasvind en oor die volgende dekade of twee al hoe erger sal word, begin *verstaan* en raaksien.

Die apostel Petrus is geïnspireer om in sy laaste sendbrief te skryf: "En ons het die profetiese woord **wat baie vas is**, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen

profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petrus 1:19-21). Die grote God wat ons lewe gee, het ons **nie** gelaat sonder 'n "getuienis" van Sy doel en van waarom wêreldgebeure plaasvind soos tans die geval is nie. Regdeur die Bybel is daar honderde spesifieke profesieë wat onthul wat voorlê—veral in die tyd wat God die "tyd van die **einde**" noem.

Trouens, hoewel die meeste mense baie verward raak hieroor, gaan die ware "evangelie" van Jesus Christus *nie* net oor die persoon van Christus nie, maar oor God se **leefwyse** en oor voorbereiding vir die komende Koninkryk van God, wat binnekort openbaar sal word as 'n ware **wêreldregering** wat op hierdie aarde gevestig gaan word!

Ons lees in Markus 1:14-15: "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie." Die woord "koninkryk" beteken beslis *regering*—hoewel hierdie deel van die omskrywing dikwels agterweë gelaat word. Tog sien ons regdeur die Bybel dat dit *presies* is wat aangedui word deur die "Koninkryk van God"—die eerskomende

wonderlike toekoms onder Christus se heerskappy!

Dit word dikwels in Jesus se gelykenisse beskryf. In een so 'n gelykenis, beskryf Christus hoe Hy hemel toe sou gaan om 'n koninkryk te ontvang en dan sou terugkeer. Toe sê Jesus aan die eerste "dienskneg" wat sy geld vertienvoudig het: "Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, *moet jy gesag hê oor tien stede*" (Lukas 19:17). Dit wys dat Christus se getroue diensknegte **heerskappy** sal ontvang oor stede op hierdie aarde. Later sê Jesus aan Sy Apostels: "En dit is julle wat altyddeur by My gebly het in my versoeking. En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op **trone** sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel" (Lukas 22:28-30).

Kan dit alles weg "vergeestelik" word? Dit is wat die meeste sogenaamde "Christenleraars" doen—en die meeste kerkgangers laat hulle dit klaarblyklik "welgeval" om die **talle** verse, wat ons dikwels in *baie direkte* taal van Christus se duidelike bedoeling vertel, te vergeet of daarmee "weg te doen"! Heel aan die *einde* van Sy lewe, vertel Jesus Sy volgelinge: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die

voleinding van die wêreld. Amen" (Mattheus 28:19-20). Klink dit asof Jesus "weggedoen" het met al die leringe wat Hy aan Sy dissipels gegee het oor die komende regering van God?

Na Sy opstanding, vra die dissipels vir Jesus: "Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?" (Handelinge 1:6). Hier was Jesus se *gulde geleentheid* om hulle in te lig dat al Sy leringe oor 'n komende regering bloot *geestelik* was en nie letterlik opgeneem moet word nie!

Pleks daarvan, antwoord Jesus hulle: "Dit kom julle nie toe om die **tye** of **geleenthede** te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal **krag** ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde" (Handelinge 1:7-8). Jesus wou nie Sy Apostels ontmoedig deur vir hulle te sê dit sou nog 2 000 jaar wees voordat Sy aardse koninkryk opgerig sou word nie, maar Hy het hulle beslis nie ontnem van die gedagte dat daar 'n **werklike** koninkryk hier op aarde sal wees nie!

Christus sê inderdaad vir ware Christene: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Openbaring 2:26-27). En merk

ook op: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15). Aangesien Christus oor die “koninkryke van die wêreld” sal **regeer**, hoe kan ons dit weg “vergeestelik” en sê dat ons “hemel toe sal sweef” met **niks** om te doen nie?

Dit is eerder soos Jesus vir Sy getroue diensknegte vertel: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings **regeer** duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

Hierdie is net 'n paar van die talle verse regdeur *u Bybel* wat duidelik aandui dat 'n letterlike **regering**, onder Christus, *op hierdie aarde* opgerig gaan word en dat Sy regering ware *vrede*, *voorspoed* en blywende **vreugde** sal bring wat alles oortref wat ons wêreld nog ooit ondervind het.

Dit is die ware **antwoord** op die oorweldigende probleme wat 'n deurmekaar mensdom, wat deur 'n baie werklike Satan die duiwel mislei is, in die gesig staar! Kan ons *glo* wat God se Woord baie duidelik sê? Kan ons *besiel* en *bemoedig* word deur die geweldige openbaring wat ons Skepper duidelik en herhaaldelik in Sy geïnspireerde Woord gegee het?

Hoe sal dit wees?

Die een profesie na die ander beskryf die *ware* Jesus van die Bybel as 'n komende Koning wat 'n wêreld**regering** gaan vestig. Hoewel dit oor die algemeen weg “vergeestelik” word deur die **m e e s t e a l g e m e n e** godsdiensdiges, is dit in der waarheid die **fokus** van die meeste Bybelprofesieë. Jesaja sê vir ons: “Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die **heerskappy** is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors—tot vermeerdering van die **heerskappy** en tot **vrede** sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaars sal dit doen” (Jesaja 9:5-6). Indien u *u Bybel* noukeurig lees, sal u merk dat God inderdaad “regering” bedoel wanneer Hy praat van 'n komende “Koninkryk”. Die meeste Bybelgeleerdes verstaan dit, maar blykbaar dink die meeste “algemene” gelowiges baie min daarvan.

In Jesaja beskryf God spesifiek eindtydgebeure wat binnekort sal plaasvind—waarskynlik in ***u leeftyd*** in die volgende 10 tot 25 jaar: “En aan die **einde van die dae** sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom

laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die **wet** uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal **oordeel** tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie (Jesaja 2:2-4).

Let daarop dat die komende Messias geprofeteer is om die mense “Sy weë” te “leer”. Regdeur die Bybel toon God aan ons dat Sy ware heiliges nou *opgelei* word om **konings** en **priesters** te wees in die komende Koninkryk van Jesus Christus (Openbaring 1:6). Regdeur die Ou Testament word God se priesters uitgebeeld as “leermeesters”, asook diegene wat die offers gebring het. Die *hoofdoel* waarop ons **nou** moet fokus, indien ons beplan om in Christus se koninkryk te wees, is om Sy weë te leer, wetend dat ons die “priesters” moet word—die **leermeesters**—in die Wêreld van Môre! Let op wat die apostel Paulus besiel is om ons in die Nuwe Testament te vertel: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal **oordeel** nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons **engele sal oordeel** nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3).

Is *u* nou, persoonlik, besig om

te leer om God se weë te “onderrig” en om behoorlik “regspraak” te lewer onder tallose mense *ingevolge God se wette*? Wees asseblief eerlik met uself en *dink daaroor na!* Watter soort “Christenskap” beoefen u?

Soos ons gesien het, sal Jesus Christus die komende Koning wees oor 'n letterlike regering wat op hierdie aarde opgerig sal word. Soos hierbo genoem, sal die *Twaalf Apostels* ook onder Hom regspraak lewer of **regeer** oor die twaalf stamme van Israel. Direk onder Christus, as toesighouer oor die Twaalf Apostels, sal koning Dawid van Israel wees, die “geliefde” dienskneg van God wat in sy ou posisie as **koning** oor die ganse twaalf stamme van Israel herstel sal word: “En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel” (Esegiël 37:24).

Let ook daarop dat die volk onder Christus en Dawid se leiding in God se verordeninge sal wandel en Sy “insettinge” sal onderhou. Is u *vertroud* met God se insettinge? Dit onthul die “leefwyse” wat die heiliges binne 'n paar jaar aan die ganse wêreld sal leer. Hierdie “insettinge”, soos deur Christus en die Apostels in die Nuwe Testament *uitgebrei is*, sal die basiese wette van die regering van God wees wat onder Jesus Christus daargestel gaan word. Dit is almal op die Tien Gebooie gegrond en brei dit in detail uit. Op hierdie wyse, soos ons

gesien het, sal die “wet” uit Jerusalem voortgaan—wat Jesus Christus se **wêreldhoofkwartier** in die komende regering sal wees!

Die profeet Miga herhaal wesenlik hierdie punt: “En aan die *einde van die dae* sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die **wet** uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Miga 4:1-3).

'n LEEFWYSE

So sal 'n ganse *leefwyse* in die Wêreld van Môre onderrig en beoefen word. Dit sal beslis gegrond wees op die Tien Gebooie—God se groot geestelike **wet**. Nasies sal nie meer teen mekaar veg nie, want mense sal nie meer “leer” om oorlog te voer nie—nie eens die *gesindheid* om mekaar skade te berokken of te vermoor nie.

Uiteindelik, namate Christus se Koninkryk ten volle bekragtig word in die opstandige nasies, sal wêreldvrede versprei soos

nog nooit tevore in die mens se geskiedenis nie! *Geen oorlog meer nie!* Geen **enorme** regeringsbelastinge om reuse militêre- en polisiemagte te ondersteun nie, want mense sal mekaar nie meer beroof, verkrag en vermoor nie! Onder Sy regering, na die *lyding* wat gedurende die komende Groot Verdrukking ervaar sal word, sal God vir Sy mense “leermeesters” gee wat hulle persoonlik sal help en leiding gee in Sy weë: “Die HERE gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, *maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien*; en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan” (Jesaja 30:20-21).

Sal u onder hierdie goddelike leermeesters—'n herrese “heilige”—in die komende Godgesin wees, wat Jesus Christus help om hierdie wêreld te regeer en *vrede* en **vreugde** te bring?

Die *seëninge* van Christus se komende regering word in besonderhede in Jesaja 11 bespreek: “Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die Here... Maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid

Vervolg op bladsy 27

Paasfees: Broei u op 'n mite?

Deur William Bowmer

Wat beteken Paasfees vir u? Is dit 'n tyd om helderkleurige eiers en heerlike sjokolade te eet? Is dit 'n geleentheid om 'n nuwe Paashaas-uitrusting vir die kinders se vermaak aan te skaf? Of is dit 'n dag wanneer Christene die dood en opstanding van hul Verlosser, Jesus Christus, moet herdenk?

Indien u “nie een van bogenoemde nie” geantwoord het, is u op die regte spoor.

Party Paastradisies, soos om sjokoladehasies te eet en die paaseiers weg te steek, is betreklik nuwe gebruike. Het u egter geweet dat “Paasfees” reeds vir baie jare bestaan het **voordat** dit 'n “Christenfees” geword het? Het u ook geweet dat Jesus en Sy Apostels 'n *ander* dag ter nagedagtenis aan Sy offer herdenk het?

Jesus se laaste nag saam met Sy dissipels was 'n Pasgaviering, wat Hy vir hulle gesê het om elke jaar te herhaal “totdat Hy [Christus] kom” (1 Korintiërs 11:26). Polykarp, biskop van Smirna, het tydens die middel van die tweede eeu getuig dat die apostel Johannes hom geleer het om Christus se offer te herdenk deur die jaarlikse Pasgadiens. Binne 'n geslag na Johannes se dood, het party mense egter begin om hierdie gebruik van die Apostels teë te staan. Namate al hoe meer leiers regdeur die Romeinse Ryk dit gerieflik gevind het om “Christenskap” te bely, het hulle dit al hoe meer wenslik gevind om hul “Christenskap” te reinig van sy ware Pasganalatenskap en uiteindelik met 'n Paas-sondagviering te vervang.

Paassondag het toegeneem in gewildheid, deels weens die verkeerdlike gedagte dat Jesus op Sondag uit die dood opgestaan het. Trouens, noukeurige Bybelstudie toon dat Hy op Saterdag, naby sononder, opgestaan het, presies drie dae en drie nagte nadat Hy gesterf het en begrawe is, net soos Hy beloof het (Mattheus 12:40). Jesus het op 'n Woensdagmiddag gesterf, net voor 'n “jaarlikse Sabbat”—die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brode—en het na 72 uur in die graf opgestaan, net voor die einde van die weeklikse Sabbat. Die verkeerdlike gedagte dat Jesus Vrydag gesterf en Sondag opgestaan het,

maak trouens die einste teken van Sy Messias-skap ongeldig (vers 39)!

Is Paasfees in die Bybel? Weens 'n vertaalfout in die Ou en Nuwe Vertalings, dink baie Afrikaanssprekendes verkeerdlik dat die Bybel na Paasfees verwys. In Handeling 12:4, onder andere, vertaal die Ou en Nuwe Vertaling die Griekse woord *pascha* (wat na die Pasga verwys) as “paasfees”. Bykans alle erkende Engelse vertalings gee die woord egter korrek weer as “*Passover* [Pasga]”—die Bybelse viering wat Jesus en Sy volgelingen onderhou het. Dit is interessant dat die woord wat in Engels “*Easter*” vertaal word, in Afrikaans en ander moderne tale (bv. *Pascua* in Spaans, *Pâques* in Frans) hul oorsprong in die Griekse woord vir Pasga het.

In Engels en Duits is die moderne Pasgavervanger egter volgens die naam van 'n voor-Christelike godin. Die Middeleeuse Engelse geskiedkundige, Bede, het die naam “*Easter*” nagespoor na 'n lentefees wat gehou is ter ere van die godin, Eostre, ter viering van die natuur se herrese vrugbaarheid, deur gebruik te maak van hasies en eiers—algemene Paasfeessimbole in Engels- en Duitssprekende lande.

“Maar kan ons nie God eer deur heidense feeste te “kersten” nie?” mag party mense vra. Nee! Die profeet Jeremia gee God se waarskuwing aan Sy mense: “Moenie die gewoontes van die heidennasies aanleer nie” (Jeremia 10:2, NV). Om afstand te doen van die Pasga wat God ingestel het en dit te vervang met 'n mensgemaakte vakansiedag, verwerp nie net die teken van Christus se Messias-skap nie; dit bring **ongehoorsaamheid** aan God mee! As u meer wil weet oor die Heilige Dae wat God vir Sy mense ingestel het, skryf asseblief vir u **gratis** eksemplaar van ons insiggewende boekie, *Die Heilige Dae: God se Meesterplan*.

Ware Christene moet doen wat Christus beveel het, deur Sy offer elke jaar met die Pasga te herdenk en nie vol te hou met die mite van 'n “Christen” Paasfees nie. Na sononder, op 11 April hierdie jaar, sal ware Christene Christus se offer herdenk soos God bestem het. Wat sal u doen? [WWW](#)

BEREI VOOR VIR DIE PASGA — Deur Don Davis

Na sonder op 14 Nisan (Dinsdag, 11 April 2006), sal lidmate van God se Kerk vergader vir die mees gewyde gebeurtenis op Sy heilige kalender—die Pasga. Jaar na jaar lyk dit of die Pasga en Dae van Ongesuurde Brode baie van ons bekruip en is ons dalk fisies en geestelik onvoorbereid om dit te onderhou soos God wil hê ons dit moet onderhou.

Hoe moet ons vir die Pasga voorberei? Een noodsaaklike deel—wat dikwels nagelaat word, al is dit 'n gebied waar bykans almal van ons kan verbeter—is dit: **Het ons vrede gemaak met almal wat ons te na gekom het en hulle vergewe, en het ons self vergifnis gevra van diegene teen wie ons oortree het?**

Jesus Christus gee vir ons die sleutel om die vergifnis te ontvang wat ons almal so broodnodig het: “En wanneer julle staan en bid, **vergeef** as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. **Maar as julle nie vergewe nie**, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie” (Markus 11:25-26). Om ander te vergewe is 'n **voorvereiste** om die vergifnis van God te ontvang wat ons almal so dringend nodig het.

Tog is daar gedoopte lidmate van God se Kerk wat al jare in Sabbat- en Heilige Dag-dienste sit—en elke Pasga die brood en wyn neem—wat steeds weier om saam met een of meer van hul geestelike broers of susters te kuier (of, in 'n paar uiterste gevalle, selfs met hulle te praat), weens die een of ander ware of verbeelde belediging of minagting wat in die verre verlede plaasgevind het.

Wat sê die Bybel vir ons oor die uiteinde wat vir iemand met so 'n gesindheid wag, wat weier om hom te bekeer en om ontslae te raak van vyandigheid en bitterheid teenoor iemand anders? “Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis... Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here [God sal hul sondes onthou]. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap” (1 Korintiërs 11:25-30).

Struweling en 'n onbekeerde gesindheid bring stres en 'n bitterheid van die hart mee wat die verstand, liggaam en gees verweer. Dit weer, kan aanleiding gee tot gesondheidsprobleme en kan selfs tot voortydige dood lei.

Nie een van ons is uit ons eie “waardig” nie. Ons “geregtigheid” diskwalifiseer ons, want, in God se oë, word dit gelykgestel aan 'n besoedelde kled (Jesaja 64:6). Dit is waarom ons die Pasga en die toepassing van Christus se gestorte bloed nodig het vir die vergifnis van ons sondes. Ons moet onself regdeur die jaar ondersoek—en moet dit met spesifieke intensiteit doen namate die Pasga nader kom. “Want as ons onself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie. Maar as ons geoordeel word [wanneer Christus ons oordeel omdat ons versuim het om onself korrek te oordeel], word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie” (1 Korintiërs 11:31-32).

Wanneer ons onself ondersoek, moet ons die feite van elke negatiewe situasie in ons lewens eerlik oorweeg. Ons moet gereed wees om ons dade en ons gedagtes te ondersoek, om ons skuld of onskuld te onderskei en te doen wat ons moet om ons te bekeer van die sondes wat ons gepleeg het en die saak regstel. Christene moet hulself nie met 'n ydele gesindheid ondersoek, ten einde hulself te regverdig nie; hulle moet oordeel volgens die standaard van God se woord (Jakobus 1:23-25). Die apostel Paulus moedig die Korintiërs (en ons) aan om hul geestelike toestand te evalueer: “Ondersoek juisself of julle in die geloof is; stel juisself op die proef. Of is julle nie seker van juisself dat Jesus Christus in julle is nie—as julle ten minste nie verwerplik is nie!” (2 Korintiërs 13:5).

Ons word vertel om **onself** te ondersoek, nie om ander mense te ondersoek wat ons dalk beledig of seergemaak het nie. Christus is die Een wat hul regter sal wees, as hulle versuim om hulle te bekeer van die sondes wat hulle kon gepleeg het. Elkeen van ons moet rekenskap gee vir **ons eie** oortreding van God se wet. “Vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here” (Romeine 12:17-19).

Indien ons, na ons selfondersoek, vind dat ons 'n gesindheid van veragting, wantroue of haat teenoor 'n ander persoon het, moet ons eers na ons broer of suster in Christus gaan en probeer om die misverstand of geskil tussen ons op te los. Tussen nou en die Pasga, moet elkeen van ons diegene nader wat ons verontreg het, of wat ons te nagekom het, en probeer om die saak in privaatheid uit te stryk en tot 'n verstandhouding te kom wat vergifnis insluit. Onthou Christus se opdrag: “En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente [die leraars]; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar” (Mattheus 18:15-17). Indien ons met 'n regte en nederige gesindheid die plan volg wat in Mattheus 18 vir ons uitgelê is, sal vrede in die liggaam van Christus herstel wees.

Sê die Woord van God vir ons dat daar party mense is na wie ons **nie** moet gaan wanneer 'n oortreding plaasgevind het nie? Inderdaad, ja. “Hy wat 'n spotter tereg wys, behaal vir homself skande, en hy wat 'n goddelose bestraf, vir homself 'n skandvlek. Bestraf 'n spotter nie, anders haat hy jou; bestraf 'n wyse, en hy sal jou liefhê” (Spreuke 9:7-8). Nie almal is 'n broer of suster in Christus nie. Indien ons in ons hart voel dat iemand nie as 'n geestelike broer of suster benader kan word nie, hoe moet ons reageer om te doen wat reg is in God se oë? Onthou, dit is nie ons prerogatief om 'n ander persoon se stand voor God te oordeel nie. Hoewel ons nie 'n ander persoon se bekering moet oordeel nie, kan en moet ons egter die **vrugte** van hul optrede waarneem en dienooreenkomstig optree. Dalk kan ons nie die persoon benader wat ons seergemaak het nie. Kan ons egter toelaat dat 'n gesindheid van haat ontwikkel? Nee! Onthou Christus se woorde: “Maar Ek sê vir julle wat luister: Julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan die wat vir julle haat. Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig. Aan hom wat jou op die wang slaan, moet jy ook die ander een aanbied; en aan hom wat jou bo-kleed neem, moet jy ook die onderkleed nie weier nie. Maar gee aan elkeen wat jou iets vra, en eis jou goed nie terug van hom wat dit neem nie. En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen” (Lukas 6:27-31).

Selfs al kan ons onself nie sover bring om in


nederigheid na die ander persoon te gaan, gereed om ons aandeel in 'n erkende probleem te erken en dit uit te werk nie, is haat **nooit** 'n opsie nie. In sulke gevalle moet ons vergewe, vergeet en voortgaan met ons lewens—of ons kan verbitterd raak en die baie ware moontlikheid in die gesig staar dat ons sondes teen ons gehou sal word.

Ons hemelse Vader is 'n God van vrede en liefde. Daar sal geen stryery, geskille of bitterheid in Sy gesin wees nie. Diegene wat Hy geroep het, sal aan Hom moet bewys dat hulle geskille vinnig kan oplos en onvoorwaardelike spontane besorgdheid het vir die welsyn van almal, voordat hulle geesteswesens gemaak sal word en ewige lewe sal ontvang. “Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Salig is die wat vervolgd word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele” (Mattheus 5:7-10).

Pasga sal hier wees voor ons ons oë kan uitvee. Dit is **nou** die tyd vir elkeen van ons om ons geestelike huis in orde te kry. Christus wil sien hoe ons onself voorberei voordat ons die brood en wyn hierdie jaar neem.

Die apostel Paulus gee vir ons 'n formule waarvolgens ons die hele jaar moet leef, nie net voor Pasga nie. “Vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie” (Romeine 12:17-21).

God se Woord onthul die gesindhede en optredes duidelik wat ons teenoor ons lidmate en alle mense moet openbaar. Hy het duidelik gesê wat ons moet doen, as ons wil hê ons sondes moet vergewe word. Ons moet ander mense vergewe en ware liefde teenoor hulle toon, selfs al bekeer hulle hulle nie van hul sondes teenoor ons nie. God, wat die volmaakte regter is, sal elkeen van ons beloon volgens ons werke.

Namate Pasga nader kom, hou Christus elkeen van ons dop. Hoe sal ons reageer? Sal ons geestelik gereed wees vir die Pasga? 

ABORSIE: 'n Hedendaagse Groot Slagting?

Deur Douglas S. Winnail

Wat is die ware betekenis van die aborsiegeskil?

Die onderwerp van aborsie het die afgelope 40 jaar op die wêreldtoneel losgebars en internasionale geskille ontlok—mense gepolariseer, lande verdeel en kerke teen state in opstand laat kom. Ywerige ondersteuners van aborsie, wie hulself “pro-keuse” noem, debatteer en hou opmarse met passie en ywer, in opposisie tot ewe ywerige teenstanders van aborsie, naamlik “pro-lewe.” Konfrontasies tussen hierdie twee perspektiewe is dikwels emosioneel en bitter, soms selfs gewelddadig of noodlottig! Oorloglinies is getrek. Een waarnemer maak die opmerking dat “min strydpunte die hedendaagse samelewing deegliker laat verbrokkel het” (*The Ethics of Abortion*, Baird & Rosenbaum, bl. 7).

Om hierdie emosiebelaaide twispunt te verstaan, is dit nuttig om te weet *waarom* aborsie in ons tyd as so 'n omstrede onderwerp aan die lig gekom het, en om te besef wat *uiteindelik* op die spel is. Selfs nog belangriker is die vraag: “*waarheen* lei die aanvaarding van aborsie ons samelewing?

Waarom het aborsie vandag in baie lande van die wêreld 'n omstrede onderwerp geword?

Aborsie is vir eeue lank in baie lande om die wêreld verag en verbied. Tog was aborsie in die laaste helfte van die 20ste eeu nie net aanvaar nie—dit was aangegryp! Met die kleiner invloed van Judeo-Christenwaardes en die gevolglike verwerping van Bybelse moraliteit, het baie mense hulle tot bandelose seksuele gedrag gewend en “voortplantingsregte” het die saamtrekkeet geword namate vroue van hul tradisionele geslagsrol afstand gedoen het en seksueel losbandige mans plesier gesoek het sonder enige agting vir die gevolge. Terselfdertyd, te midde van vrese van wêreldwye oorbevolking, het regerings aborsie begin subsidieer en dit soms selfs—soos in China—as 'n metode van “geboortebepanking” vereis.

Die Verenigde State is meer as die meeste ander lande verdeeld oor die kwessie rondom aborsie, aangesien talle mense nog die Bybelse standarde van moraliteit respekteer. In Europa ontketen aborsie 'n baie minder lewendige debat aangesien slegs sowat 10 persent van die bevolking op gereelde grondslag kerkdienste bywoon, in vergelyking met byna die helfte van mense in die VSA.

'n Wêreldwye aangeleentheid

In die VSA, word pro-lewe aktiviste gemotiveer deur die o m v a n g v a n d i e aborsieprobleem, tog is die wêreldwye probleem selfs groter. Sedert die Amerikaanse Hooggeregshof aborsie gewettig het met die *Roe vs. Wade* uitspraak in 1973, is ongeveer 1,5 miljoen aborsies jaarliks gedoen—wat beteken dat meer as 40 miljoen jong lewens verwoes is! Meer as 6 miljoen babas is in Brittanje om die lewe gebring sedert aborsie in 1967 daar gewettig is. In die gewese Sowjet-Unie en Oosblok-lande, word die meeste swangerskappe deur aborsie beëindig. In China, waar aborsie in 1957 gewettig is, het meer as 100 miljoen aborsies gedurende die afgelope vier dekades plaasgevind. In 1979 het China 'n “een kind” beleid aanvaar wat die meeste ouers se kans om 'n tweede kind te hê, erg beperk het. Met die ontwikkeling van sonartegnologie (waardeur ouers kan uitvind wat die geslag van 'n kind in die baarmoeder is) het die verskynsel van “geslagselektiewe” aborsies gekom, waar gesinne wat beperk is tot een kind, hul ongebore dogter sal doodmaak sodat hulle 'n seun kan hê. Dit is dus nie verrassend dat waarnemers sê dat die huidige geslag jong stedelike Chinese

uit merkbaar meer mans as vroue bestaan nie!

In baie lande—veral in Afrika en Latyns-Amerika—word aborsies alledaags onder sulke onveilige omstandighede gedoen dat die moeder 'n ernstige risiko van komplikasies en lyding, of selfs die dood trotseer.

Na raming word wêreldwyd tussen 40 en 50 miljoen aborsies jaarliks uitgevoer (sien *The Abortion Debate*, Kulczycki, bl. 5). Dit beteken dat om en by een uit elke vier swangerskappe beëindig word deur geïnduseerde aborsie—vergiftig, versnipper of uitgesuig en van ontslae geraak word!

In Duitsland, gedurende die Tweede Wêreldoorlog, het Adolf Hitler se Nazi-beweging 'n geskatte 6 miljoen Jode gedood in wat bekend geword het as die Groot Slagting. Na die oorlog, is dié wat verantwoordelik was vir die barbaarse dade van wreedheid, verhoor en gevonnissen vir misdade teen die mensdom en 'n wêreld wat in morele opstand gekom het, het hulle gehang vir hul misdade. Deesdae egter, sterf tien miljoen ongebore babas jaarliks—talle in die einste nasies wat in Nuremberg uitspraak gelewer het.

Dit is dus vandag geen wonder dat baie mense die wydverspreide aborsie 'n **hedendaagse groot slagting** noem nie. Die massamoord van ongebore babas, wettig en sosiaal aanvaarbaar in ons moderne nasies, oorskry die aantal sterftes in Duitsland

onder die Nazi's, in Rusland onder Stalin, in China onder Mao Zedong en in Kambodja onder Pol Pot *by verre*—tog is min mense deesdae geskok of woedend! Diegene wat hul stemme verhef teen aborsie, word trouens algemeen beskryf as agterlik en regse godsdienstwepers.

Vertroebel deur argumente

Maar *hoe* het ons die punt bereik waar moderne, geleerde mense—met 'n erfenis van Christelike waardes wat aborsie as onwettig en immoreel beskou—nou aanvaar en selfs aandring daarop dat aborsie erken word as 'n wettige reg? Die antwoord lê in die argumente wat die pro-aborsioniste gebruik, wat die ware twispunte in die hart van die geskil vertroebel. Tydens noukeurige ondersoek, word hierdie argumente—hoewel dit bestempel word as “intellektueel” en “progressief”—afgemaak as oppervlakkig en eenzijdig, wat na goedgeskiedenis van biologie ignoreer.

Pro-aborsioniste redeneer oor die algemeen dat 'n ontwikkelende embrio in die vroeë stadiums van swangerskap nie werklik 'n menselewe is nie, aangesien dit net 'n “bondel weefsel” is wat meer na 'n paddavis as 'n mens lyk. Hierdie kenmerkende samestelling van selle ontwikkel egter op 'n manier wat *nooit* 'n paddavis, of 'n boom of 'n bobbejaan tot gevolg kan hê nie! Na 10 tot 12 weke, sal hierdie klein individu 'n erkenbare

menslike gesig hê, arms, hande en vingers, bene, voete en tone. Dit blyk dat hulle kan glimlag en duimsuig en selfs op klanke kan reageer! Dit is 'n mensie in die klein. Net omdat dit in die vroeë weke van ontwikkeling nie menslik voorkom nie, maak nie daarvan 'n “sub-menslike” skepping nie!

Pro-aborsioniste hou daarvan om die twispunt oor wanneer lewe begin, te vertroebel. Hulle redeneer dat lewe nie begin alvorens beweging gevoel word nie, of die eerste asem ingetrek word nie, of totdat die fetus op sigself lewensvatbaar is nie, om te regverdig dat aborsie voor hierdie mylpale bereik word, nie werklik 'n menselewe neem nie. Die biologiese feit is egter dat lewe met die oomblik van bevrugting begin. Van daardie oomblik af, bevat elke sel in die ontwikkelende embrio die presiese getal chromosome en al die genetiese materiaal wat hierdie nuwe mensie van sy ouers sal onderskei. Party mense sê dat die fetus net 'n orgaan is—'n deel van die moeder se liggaam soos die blindederm of 'n skeur nael—en dat dit vir die moeder is om te besluit of sy dit wil laat verwyder. 'n Fetus het egter van die oomblik dat bevrugting plaasvind, 'n *ander genetiese samestelling* as enige orgaan in die moeder se liggaam. Beëindiging van hierdie lewe deur aborsie, neem die lewe van 'n geneties unieke individu. Biologies gesproke, is dit onmoontlik om 'n lyn te trek en te

sê dat *lewe te enige ander tyd* as met bevrugting *begin*. Die fetus beweeg weke voor die moeder enige beweging in die baarmoeder voel. Hoewel 'n fetus nie op sy eie kan oorleef buite die moeder se liggaam nie, kan 'n baba ook nie self oorleef na geboorte nie! Hy of sy moet ook vir jare deur ander gevoer, versorg en vertroetel word alvorens hy of sy self kan oorleef.

Pro-aborsioniste doen aan die hand dat wettige aborsie, deur die aantal “ongewenste” swangerskappe te verminder, die voorvalle van kindermishandeling laat afneem aangesien elke kind wat gebore word, verwelkom en gelief sal wees. Sedert aborsie gewettig is, het gevalle van kindermishandeling egter toegeneem!

Die redenasie dat aborsie wettig moet wees om voorsiening te maak vir gevalle van verkragting, bloedskande of bespeurbare geboortedefekte, ignoreer die feit dat hierdie redes vir net 'n klein breukdeel van aborsies wat tans plaasvind, verantwoordelik is. Talle aborsies kom voor onder seksueel-aktiewe jeugdiges vir niks anders as persoonlike (en dikwels selfsugtige) redes nie” (Kulczycki, bl. 1). Aborsies op aanvraag—“**moord vir gerief**”—word dikwels versoek om die verantwoordelikheid of verleentheid van ongewenste swangerskappe te vermy (*Slouching Towards Gomorrah*, Bork, bl. 180).

Bekroonde regsgeleerde Robert Bork wys daarop dat die

Amerikaanse Hooggeregshof-uitspraak in die saak *Roe vs. Wade*, wat aborsie gewettig het, deur feministe beskou word as 'n “landmerk vir vroue se *mars na gelykheid*... die twispunt het niks te doen met die menslikheid van die fetus nie maar is geheel en al oor vroue se vryheid” (Bork, bl. 183). Die pro-aborsie redenasie fokus graag op die vryheid van die vrou—*behalwe as die vrou in haar moeder se baarmoeder is!*

Eertydse perspektiewe

Ondersteuners van aborsie oorweeg selde die lesse van geskiedenis. In antieke Griekeland en Rome, was ongewenste suigeling aan die elemente blootgestel en gelos om te sterf. Aborsie was 'n aanvaarde praktyk en verskeie metodes was beskikbaar. Plato en Aristotle was voorstanders van aborsie om die groottes van gesinne te beperk. Alhoewel Romeinse wet pro-gesin was, was dit nie anti-aborsie nie. Die agteruitgang van Rome het 'n verhoging in misdad, bandeloosheid en aborsie gesien. Christendom, in teenstelling, het moord verbied en geleer dat lewe onskendbaar was, het die heidense waardes betwis en wat sommige mense “die eerste aborsie-oorlog” noem, van stapel gestuur (sien *Christianity Today*, 6 Oktober 1989). Hierdie botsing tussen Christen- en heidenwaardes (nie net sigbaar in die Skrif nie maar ook in die Kerkvaders) het die anti-aborsie houdings van die Westerse samelewing vir eeue gevorm.

Nog 'n “aborsie-oorlog” het in die 1850's uitbreek toe aborsie regoor die VSA hernude gewildheid begin verkry het, aangevuur deur nuwe waardes wat deur die Industriële Omwenteling gevorm is. Mediese dokters het egter beperkende wetgewing gesteun wat aborsie deur ongekwalifiseerde praktisyns ingekort het, en terselfdertyd ook kompetisie beperk het.

Nazi Duitsland het in die 1930's wetgewing goedgekeur wat dit gewettig het om bejaardes en siekes om die lewe te bring. Hierdie beginsel is later uitgebrei om die moord op Jode, Sigeuners en ander “ongewenste” lede van die samelewing toe te laat. Nazi Duitsland het aborsie trouens ingekort, maar slegs van diegene wie se genetika as sosiaal wenslik beskou is.

Dit was nie voor die middel van die 20ste eeu dat die “aborsie-oorloë” 'n klimaks bereik het nie. In die 1960's en 1970's, het die VSA en Brittanje die voorbeeld wat China en die Sowjet-Unie gestel het, gevolg deur aborsie te wettig. Eeue-oue waardestelsels word nou vervang deur *antieke heidense lewenswaardes* in baie nasies wêreldwyd wat in naam “Christen” was.

Vyftig jaar gelede, was ordentlike mense woedend toe hulle uitgevind het dat Nazidokters vir “wetenskaplike” doeleindes op lewende mense geëksperimenteer het en dat hulle menslike liggaamsdele geoes het vir kommersiële

gebruik. Deesdae is min mense egter gepla dat menseweefsel van geaborteerde fetusse selfs in die vervaardiging van gesigsroom gebruik word! Hoe het die samelewing nie verander nie! Sedert aborsie en genadedood in Holland gewettig is, dui skattings daarop dat 8 persent van suigeling wat jaarliks in Nederland sterf, *deur dokters doodgemaak word!* Een waarnemer merk op dat “dit die Nederlanders bykans 30 jaar geneem het vir hul mediese praktyke om te daal tot die vlak waar Nederlandse dokters in staat is om betrek te word by die soort genadedoodaktiwiteite waarvoor sommige Duitse dokters ná Nuremburg gehang is.”

Die Bybelse dimensie

Die geskiedkundige dimensie van die aborsiegeskil is ontugterend. Maar wat van die morele vraagstuk? Is aborsie reg of verkeerd? Wat sê die Bybel? Die apostel Paulus skryf: “Maar iemand wat vir sy eie [gesin]... nie sorg nie, het die geloof verloën” (1 Timotheus 5:8). Sal enigiemand redeneer dat 'n Christen vir 'n gesinlid kan sorg deur hom dood te maak? Onthou: een van die Tien Gebooue veroordeel moord spesifiek (Eksodus 20:13). Met ander woorde, enige geboortebeperkingsmetode wat aborsie tot gevolg het, is verkeerd.

Moses het die Israëliete gewaarsku om nie die goddelose gebruike van hul Kanaänitiese bure te beoefen

nie—wat kindermoord ingesluit het. Hy beveel: “As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die *gruwels* van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan ... want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode” (Deuteronomium 18:9-14; 12:31).

Koning Dawid beskryf hoe die Israëliete God *vertoorn* het omdat “hulle hul seuns en hul dogters aan die duiwels [vals gode] geoffer en *onskuldige bloed vergiet [het]—die bloed van hul seuns en hul dogters*” (Psalm 106:32-39). Die profeet Esegïel bulder God se waarskuwing dat, omdat hulle God vergeet het en “my kinders geslag het... is *bloed aan hulle hande* ... en ook hul seuns wat hulle vir My gebaar het, as spys vir hulle deur die vuur laat deurgaan” (Esegïel 16:21; 23:37).

In direkte opstand teen God se bevel, het antieke Israel die barbaarse heidense gebruike om kinders dood te maak, aangeneem! In antwoord waarsku die profeet Jeremia: “*Ook is aan jou some die bloed gevind van die siele van onskuldige armes...* Kyk, Ek bring *onheil* oor hierdie plek waarvan elkeen wat dit hoor, se ore sal tuit; omdat hulle My verlaat het ... Daarom, kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat hierdie plek nie meer sal genoem word Tofet en die dal van die seun van Hinnom [waar kinders geoffer is] nie, maar

Moorddal [wanneer God vreemde nasies gebruik om Sy mense te straf omdat hulle hul eie kinders vermoor het]” (sien Jeremia 2:34; 19:3-7). Hierdie Skrifgedeeltes onthul hoe God die slagting van kinders beskou, hetsy hulle suigeling of ongebore babas is!

Hedendaagse “etikuste” soos Peter Singer van Priceton Universiteit, het redenasies geopper dat 'n ongebore fetus minder as mens is. Hierdie gedagte is nie nuut nie; dit was ook algemeen by baie antieke heidense filosowe. Hierdie benadering word egter duidelik in die Bybel weerlê. God sê aan Jeremia: “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak” (Jeremia 1:5). 'n Engel sê aan Sagaria, vader van Johannes die Doper, dat Johannes sou “vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af” (Lukas 1:15). Die Bybel onthul dat God ongebore babas as mense beskou en deur menslike suigeling, hetsy gebore of ongebore, dood te maak, die Almagtige God *vertoorn* word! Ons hedendaagse sekulêre samelewing het *hierdie kragtige waarskuwings vergeet!*

'n Ontugterende toekoms

Waarheen lei die veldtog om aborsie in hedendaagse nasies te wettig? Wat doen die aanvaarding van aborsie aan ons samelewing? Regter Robert

Vervolg op bladsy 26

Laat u lig skyn

Deur Roderick C. Meredith

Ons leef in 'n uiters bese wêreld! Wanneer ons byvoorbeeld dink aan die geweld, swaarkry en armoede van party van ons Westerse landgenote—en elders—en aan talle ander wreedhede wat regoor hierdie aarde gepleeg word, is dit duidelik dat Christus *binnekort* moet kom! Ons moet hierdie boodskap oor Christus se eerskomende Koninkryk en Sy leefwyse, heelhartig uitdra.

Ons moet egter self die **weg** van God *volg*, sodat ons die voorbeeld kan stel. Ons woorde en dade moet ooreenstem! Ons moet ook al ons prioriteite *in orde kry*. Ons moet *nie* dink dat dit genoeg is om net “die Werk te doen” nie. Ons moenie dink dat wie ook al die “strengste” is, noodwendig die **beste** is nie.

Wat is die ware “kern” van Jesus Christus se eintlike lering? Kom ons kyk na die Bergpredikasie om uit te vind. In Mattheus 5, brei Jesus Christus uit oor die *sleuteleienskappe* van 'n ware Christen. Jesus verduidelik dat die “armes van gees”—diegene wat besef hoe *nietig* 'n mens in vergelyking met die grote God is—deur Hom vereer sal word. Jesus beskryf dan hoe geseënd die “sagmoediges” is. Die woord “sagmoedig” beteken nie net nederig nie, maar ook **ontvanklik**. Almal van ons wat werklik in God se Koninkryk wil wees, moet **ontvanklik** wees vir die leringe van God se Woord en Sy getroue leraars. Ons moet God werklik toelaat om met verloop van tyd “Christus se gesindheid” in ons te plaas. “Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid” (vers 6). Indien ons ons werklik op God **beroep** om te word soos Hy is, en deur Sy weë vervul te word en nie ons eie nie, sal ons geseënd en vir ewig in Sy Koninkryk wees. Jesus sê: “Salig is die *barmhartiges*, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word” (vers 7). Dit blyk hieruit dat dit die **barmhartiges** is wat God se genade sal ontvang en **nie** diegene wat slegs “nougese” of “onverbiddelik teenoor sondaars” is nie.

Regdeur die Bergpredikasie, sien ons dat Jesus die gesindheid van diepe nederigheid, welwillendheid en barmhartigheid onderrig, asook vergewensgesindheid en **liefde** teenoor jou vyande (vers 44)!

In Mattheus 6, sê Jesus ons moet “liefdadigheid” op 'n ongesiene wyse laat geskied om God te behaag—**nie mense** nie (Mattheus 6:1)! Ons word ook aangesê om in privaatheid voor God te bid en om te **vas** sonder om aandag te trek, iets wat ons sal doen, *mits* ons waarlik *glo* dat God 'n **werklikheid** is en dat Hy elkeen van ons sal beloon, op Sy manier en wanneer dit Hom pas, as ons Hom werklik met ons hele hart soek. Jesus sê vir ons in Mattheus 7:1-3: “Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?”

In die daaropvolgende verse verduidelik Jesus dat ons ernstig moet waak daarteen om te nougeset te wees oor klein “splinters” of kwessies met ander mense terwyl ons dalk *terselfdertyd* groot “balke” sonde, selfregverdiging of koppigheid in ons *eie* oë het! Ons in die Lewende Kerk van God, moet *baie versigtig* wees om mekaar nie te veroordeel nie—veral nie die nuwelinge uit die wêreld nie—oor onbetaamlike rok lengtes, haarstyle, grimering of iets dergelyks wat *nietighede* is in vergelyking met gesindhede van verwaandheid en koppigheid wat dikwels gepaardgaan met sulke ongeregverdigde veroordelings van mense met die beweerde probleme nie. Hierdie probleme—**mits** dit inderdaad probleme is—moet liewers in die hande van die leraars gelaat word! Selfs dan moet die *leraars uiters versigtig* wees en die klem op minsaamheid en *liefde* en *barmhartigheid* plaas, eerder as om “veroordelend” te wees!

Die apostel Jakobus maak dit baie duidelik wanneer hy skryf: “Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel” (Jakobus 2:12-13). Diegene wat dus *geen barmhartigheid* betoon nie, mag vind dat hulle **geen barmhartigheid** sal ontvang wanneer sy dag van

rekenskap aanbreek nie! *Ons moet almal hieruit leer!*

Bo en behalwe die persoonlike minzaamheid en barmhartigheid wat ons teenoor mekaar moet betoon, moet ons besig wees om mekaar—en die buitewêreld—te help wanneer dit duidelik ons plig is om dit te doen. Onthou Jesus se onderrig in Matteus 25:31-46, waar Hy sê ons moet voedsel gee aan dié wat honger is, klere aan dié wat behoefte is en ander mense in enige en elke noodgeval opreg **dien!** Hy sê: “En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen” (vers 40).

Die meeste van u besef seker dat nóg Jesus Christus, nóg die apostels Petrus, Jakobus, Johannes en Paulus, ooit aangehaal is waar hulle handgeld of voedsel ingesamel het om aan verhongerde mense êrens in die wêreld te stuur nie. Afrika byvoorbeeld, is relatief naby Israel en daar was destyds net sulke groot behoeftes soos vandag die geval is. Die *werklike voorbeelde* om hulp aan ander mense te verleen, is eerder in die konteks van 'n buurman wat *naby* is, waar dit 'n *persoonlike verantwoordelikheid* word. Jesus en die Apostels het nie die wêreld deurkruis om siekes op te spoor nie, hoewel dit nie verkeerd is om dit te doen nie. Die meeste van ons besef dat die heel **grootste behoefte** by verre is om die *boodskap* oor die regte leefwyse uit te dra, sodat mense in die eerste plek nie siek word, ongeletterd, doelloos of armoedig sal wees nie! Ons weet dat ons grootste diens aan die wêreld is om die “antwoord”—die Koninkryk van God en **Sy weë**—te verkondig, eerder as om te voorsien in die tydelike materiële behoeftes van misleide mense.

Hoe ook al, dit is goed vir ons en dit is ook 'n groot hulp vir ons direkte bure, om Jesus se leringe in die gelykenis oor die “Barmhartige Samaritaan”, na te volg **soos ons moet**. Onthou dat die godsdiensteikers aan die anderkant van die pad “verbygeloop het” toe hulle die man in ernstige nood sien. 'n *Onbekende Samaritaan* het egter die beseerde man gesien en “**innig jammer** gevoel” (Lukas 10:33). Hy het alles moontlik vir die man gedoen en die herbergier selfs betaal om *verder* na hom om te sien tot hy weer kon kom. Hy was 'n ware vriend—'n opregte “naaste”—vir hierdie man wat onder rowers deurgeloop het. Hy het *barmhartigheid* betoon. Jesus sê dan ook: “*Gaan en doen jy net so*” (Lukas 10:37).

Wanneer daar dus 'n werklike noodgeval of spesiale behoefte in *u buurt* is of by iemand met wie u paaie kruis, is dit u verantwoordelikheid om barmhartigheid te betoon! Ons moet beslis inspring en iemand in die buurt probeer bystaan wat siek is en voedsel of sorg nodig het. As iemand se huis afgebrand het, behoort ons te help om dit te herbou. Ons moet betrokke raak—na die beste van ons vermoë—om hulp te verleen as daar 'n ernstige oorstroming in 'n naburige stad of 'n vernietigende veldbrand, aardbewing of ander natuurramp is. Ons sal waarskynlik *talle geleenthede* hê om uit te help onder sulke omstandighede in die traumatiese jare wat voorlê!

Hoewel ons min mense is, *moet* ons in die Lewende Kerk van God probeer “inspring” en alles in ons vermoë doen om die gesindheid en gewoonte te ontwikkel om te **gee**, te help, diensbaar te wees en om **barmhartigheid te betoon** aan diegene om ons! Dit is goed vir ons sowel as vir die mense wat hulp nodig het.

Ons lees in 1 Korintiërs 12:12-14: “Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge. Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie.”

In die bogenoemde gedeelte sien ons dat die *hele Kerk* die “liggaam”—die *fisiese instrument*—is waardeur Jesus Christus vandag werk. Ons is **almal** betrokke! Elkeen van ons moet *ons deel* doen om mekaar en die wêreld tot diens te wees en om die **Werk** te doen om Christus se boodskap wêreldwyd te verkondig. Namate ons getalle toeneem, mag dit in baie van ons gemeentes nuttig wees om komitees of “spanne” te hê wat aangestel is om die siekes op gereelde grondslag te besoek en te bemoedig en diegene te kontak wat nou en dan 'n diens mis, om uit te vind of hulle nie dalk hulp nodig het nie. Ons kan miskien groepies individue hê wat die nuwer lidmate besoek en hulle ook oornooi na ons huise toe om te kom kuier, sodat *elkeen* werklik deel voel van die “familie” van die Kerk van God. Dit is belangrik dat elkeen van ons hierdie diepe begrip en gevoel dat ons almal “familie” is bepeins, daarvoor bid en dit aankweek in hoe ons teenoor mekaar optree. In dit alles is dit van *kardinale* belang dat ons 'n werklike liefde en 'n spontane besorgdheid vir ander mense het.

Die diepsinnige onderwysing oor Christelike

liefde wat ons in die briewe van die apostel Johannes en ook in 1 Korintiërs 13, die “liefdeshoofstuk”, lees, behoort vir ons almal van nut te wees, terwyl ons hierdie gedeeltes ernstig *bestudeer* en dit *oordink*.

God praat met elkeen van ons in 1 Johannes 4:7-8: “Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde”. Ons Skepper vermaan ons hier op kragtige wyse dat ons **moet** leer om mekaar lief te hê as ons soos God wil wees! Hierdie totale **oorgawe** van onself, hierdie algehele *spontane besorgdheid*, is belangriker as enige ander enkele eienskap!

Die apostel Johannes skryf ook onder inspirasie: “Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword” (1 Johannes 4:11-12). Ons liefde vir mekaar **moet** dus 'n werklikheid wees en ons moet, *net soos Jesus vir ons gedoen het*, ons lewens vir mekaar aflê!

Om eerlik te wees, *dit is nie maklik nie!* Almal van ons wil eerder na die “self” omsien as na andere. Regdeur die Nuwe Testament sien ons egter dat as ons leer om van onself te **gee**, ons in ruil baie, baie meer van ons Skepper sal ontvang.

Johannes skryf: “As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê” (1 Johannes 4:20-21). As elkeen van ons dus mediteer en bid oor die diepliggende behoefte vir liefde, genade, vergewensgesindheid en 'n deurlopende **spontane besorgdheid**, sal ons werklik meer soos Jesus word en sal Sy seëninge beslis kragtiger op die Kerk, die Werk en op elkeen van ons persoonlik uitgestort word.


Jesus beveel ons: “'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Johannes 13:34-35). Hier sien ons dat ons **mekaar moet liefhê soos Jesus die voorbeeld gestel het** met 'n deurlopende minsaamheid, diensbaarheid en 'n spontane besorgdheid! Om die waarheid te sê, net soos met

die Sabbat, is 'n spontane **liefde** wat ons teenoor mekaar betoon, 'n **teken** dat ons inderdaad God se mense is!

Wanneer u nadink oor watter tipe persoon u graag die ewigheid mee wil deel, vra uself eerlik af: “Sou ek saam met ander mense wou wees wat altyd baie **streng** is, *veeleisend* en gou om te **oordeel**, selfs as ek die geringste foutjie begaan?” Of sou u eerder die ewigheid wou deel met iemand wat regtig *onderworpe* is aan God, in Sy geboorte wandel en warmte, minsaamheid, genade en 'n *spontane besorgdheid* uitstraal—met *die wêreld se geduld* teenoor andere, al is hulle nie heeltemal perfek nie?

Ek dink ons ken **almal** die antwoord!

Aangesien ons inderdaad in die proses is om gevorm en gebrei te word om soos God Self te word, is dit **noodsaaklik** dat ons—deur God se Heilige Gees in ons—leer om die soort liefde en spontane besorgdheid *uit te leef* wat Jesus Christus ons tot voorbeeld was. Eerstens natuurlik, moet ons **God liefhê** met ons hele wese. Dit is die eerste en groot gebod (Mattheus 22:35-38), terwyl die tweede gebod daaraan gelyk is: “Jy moet jou naaste liefhê **soos** jouself” (vers 39). Een van die heel mooiste uitdrukkings hoe om dit te doen, vind ons in die “liefdeshoofstuk” wat Paulus geskryf het, naamlik 1 Korintiërs 13. Ek gaan nie nou op hierdie hoofstuk probeer uitbrei nie, aangesien ek dit gereeld in preke doen, maar onthou asseblief die laaste vers: “En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die *grootste hiervan* is die **liefde**” (vers 13).

In die Bergpredikasie sê Jesus dat ons ons “lig” moet laat skyn (Mattheus 5:16). As ons almal dit opreg ter harte neem, kan ons as 'n Kerk, meer as ooit tevore, begin om die soort “lig” te wees waarvan Jesus gepraat het. Met die naderende einde van hierdie era—namate afgryslike beproewinge, siektes en die dood om ons ervaar word—moet ons sorg dat hierdie dinge ons *nader aan mekaar* bring! Sulke gebeure moet ons *nader aan God* bring! Dit moet ons *op ons knieë* dwing. Ons moet ook meer as ooit tevore bereid wees om onself waarlik in liefde, minsaamheid en diens aan God *en ons medemens* te gee, want ons **weet** dat *dit* is hoe ons Skepper sê ons *Hom* moet eer. *Dit* is die weg na die ewige lewe en die **vreugde** in God se Koninkryk en gesin! 

Die toekoms van demokrasie

Deur Roderick C. Meredith

In sy heel eerste perskonferensie na die November 2004 verkiesing, het Amerika se president, George W. Bush gesê: “Indien ons belangstel om ons land op die langtermyn te beskerm, is die beste manier om dit te doen deur vryheid en demokrasie te bevorder.” By daardie perskonferensie van 8 November 2004 het Bush gepraat daarvan om, tesame met die Britse premier, Tony Blair, hul “visie van die verspreiding van vryheid regdeur die groter Midde-Ooste” na te jaag.

Die meeste Amerikaners en miljoene ander mense in die Westerse wêreld, blyk tevrede te wees met hierdie benadering. Trouens, baie mense glo dat Amerikaanse kiesers aan president Bush—wat die meeste stemme ooit vir President ontvang het en die eerste President is wat verkies is met die meerderheid van die volkstem sedert 1988—ten minste 'n beperkte “mandaat” gegee het om sy hoofdoelwitte na te jaag om terrorisme te oorwin, onderwys te verbeter, die bestaansbeveiligingsprogram solvent te hou en 'n poging aan te wend om “vryheid en demokrasie” in die Midde-Ooste en om die wêreld te bevorder.

Hierdie is alles waardige doelwitte en dit sou moeilik wees om nie te hoop dat president Bush dit wel bereik nie. *Almal* van ons wil op stuk van sake vrede op aarde, finansiële sekuriteit vir die bejaardes en goeie onderwys vir jongmense hê.

Is dit egter *realisties* om te glo dat president Bush al sy doelwitte sal bereik? Is dit *realisties* om te dink dat miljoene mense in die Midde-Ooste—waarvan baie Moslems is wat nie vertrou is met demokrasie nie—'n *demokratiese* regeringsvorm sal aanleer en met sukses kan toepas? Met Amerika se ewiggroeiende *reusagtige nasionale skuld*, hoe kan ons ons verbeel dat “alles in die haak sal wees” met nie net bestaansbeveiliging nie, maar die hele Amerikaanse ekonomie—dat dit die ryk leefstyl waaraan Amerikaners gewoond geraak het, sal kan onderhou?

Wie is besig om vir wie *om die bos te lei*?

Amerika is trouens, deels *weens* demokrasie, besig om oor die volgende dekade op 'n *finansiële*

katastrofe af te stuur, tensy **groot** veranderinge plaasvind! Soos die *USA Today* op 'n voorbladberig in Oktober 2004 uitwys: “Amerikaanse belastingbetalers het 'n verskuilde skuld van ten minste \$53 biljoen in staatsobligasies, meestal van Medicare, bestaansbeveiliging en staatskulde. Hierdie skuld kom neer op \$473 456 per huishouding, wat die \$84 454 se persoonlike skuld per huishouding vir huislenings, motorskulde en ander lenings heeltemal oorskadu. Die federale regering sou belasting dadelik moes verdubbel of voordele halveer om sy beloftes van gesondheidsorg en pensioenvoordele vir afgetredenes in die dekades wat voorlê, gestand te doen. Beide hoof politieke partye en die presidensiële kandidate het versuim om die probleem te konfronteer uit vrees dat hulle die kiesers sou kwaad maak” (4 Oktober 2004).

Soos die bogenoemde artikel dit stel, die “vrees dat hulle die kiesers sou kwaad maak”, het verseker dat *nie een* van die kandidate in die 2004 presidensiële veldtog openlik oor die kwessie van Amerika se geweldige skuldlas gepraat het nie. So is die kiesers “in die duister gehou”. Die kiesers is *nie eens ingelig* dat 'n reusagtige finansiële “ysberg” op pad is om “Oorlogskip Amerika” te tref—en dit moontlik selfste sink nie!

Waarom nie?

Want in ons hedendaagse “demokrasieë” (hetsy suiwer demokrasieë of verteenwoordigende republieke), moet die politici wat vir openbare ampte staan, *baie selektief* wees oor watter feite hul na die kiesers deurgee. Oor die algemeen vertel hulle die publiek net wat die mense wil hoor—*of dit nou waar is al dan nie*. Indien die politici die publiek met te veel werklikheid konfronteer, is dit so goed soos *politieke selfmoord!* Daarby is die suksesvolle politici gewoonlik diegene wat die meeste belof: “Ek sal jul belasting inkort en steeds groter voordele gee.”

Dit is “demokrasie aan die werk.”

Uit 'n geskiedkundige oogpunt is die “speletjie” egter bykans iets van die verlede. Soos Eugene Steurele, 'n hoogs gerespekteerde ekonoom aan die Urban Institute in Washington, DC, dit stel: “Dit

is 'n uitdaagspeletjie en niemand gee pad nie, hoewel ons weet die botsing gaan plaasvind" (*ibid.*).

Top ekonome en finansiële deskundiges stem saam oor die dreigende katastrofe wat veroorsaak is deur ons toenemende finansiële skuld. In die laaste paar dekades het die fiskale beleid van beide Demokratiese en Republikeinse administrasies—van president Lyndon Johnson en sy "Groot Samelewing" tot by die huidige president Bush—bygedra tot die risiko dat die VSA binnekort *algehele bankrotskap* in die gesig sal staar. Die Amerikaanse volk het sekerlik daartoe bygedra, want die mense wil **al** hoe *meer* hê. Mense wil *stem*—in ons "demokratiese stelsel"—vir die politikus wat die meeste "goed" belooft, al versuim hy heeltemal om die publiek in te lig *hoe* hy beplan om daarvoor te betaal.

Ons moet uit die geskiedenis LEER

In sy insiggewende boek, *America, the Broke*, verduidelik ekonoom Gerald J. Swanson: "Die geskiedenis leer dat alle groot nasies vroeër of later tot niet gaan. Volgens die agtiende-eeuse geskiedkundige, Alexander Tytler, is die gemiddelde lewensduur van leidende beskawings net 200 jaar. Indien dit waar is, leef die Verenigde State, teen 200-plus jaar, moontlik op geleende tyd. Ja, ons is steeds die wêreld se onbetwiste supermoondheid, maar ons verspil die ekonomiese krag wat ons oorheersing onderskraag. In 'n baie kort tydperk kan ons van supermoondheid in superkragtelos verander. Tytler het die verduideliking vir ons huidige verknorsing voorsien. Hy skryf: "n Demokrasie is altyd tydelik van aard. Dit kan bloot nie as 'n blywende regeringsvorm bestaan nie, want, vroeër of later, 'ontdek kiesers dat hulle vir hulself kosbare geskenke uit die staatskis kan losstem'. Tytler maak die opmerking, 'die meerderheid stem altyd vir die kandidate wat die meeste voordele uit die staatskis belooft, met die gevolg dat elke demokrasie altyd sal verbroekel weens losse fiskale beleid' ... Alexander Tytler, wie se idees vandag ongelukkig verontagsaam word, het nog 'n waarneming gemaak wat oordenking regverdig. Sedert die Atheense Republiek twee millennia gelede, skryf hy, het alle demokrasieë deur dieselfde stadiums gegaan: 'Van slawerny na geestelike geloof; van geestelike geloof na groot

moed; van moed na vryheid; van vryheid na oorvloed; van oorvloed na selfsug; van selfsug na selfvoldoening; van selfvoldoening na onverskilligheid; van onverskilligheid na afhanklikheid; van afhanklikheid weer terug na slawerny."

Het *alle* demokrasieë deur hierdie stadiums gegaan? Die meeste mense is nie bewus hiervan nie. Die meeste mense skenk baie min aandag aan die geskiedenis, want ons wil "pret" hê en ons wil dit **nou** hê!

"Maar *werklik*," sal die meeste mense sê, "ondanks al hierdie potensiele probleme, is demokrasie nie die beste en veiligste regeringsvorm nie?"

Demokrasie het homself beslis bewys as 'n beter regeringsvorm as kommunisme of fasisiese diktatorskap. Soos sir Winston Churchill gesê het toe hy die Britse Laerhuis toegespreek het: "Niemand gee voor dat demokrasie volmaak of alwys is nie. Daar is inderdaad gesê dat demokrasie die ergste vorm van regering is, behalwe vir al daardie ander vorme wat van tyd tot tyd probeer is" (11 November 1947).

Sir Winston het beslis geweet dat hedendaagse demokrasie 'n relatief *nuwe* verskynsel is, aangesien nasies om die wêreld vir duisende jare daarsonder klaargekom het. Baie suksesvolle nasies en ryke het vir honderde jare bestaan sonder om demokrasie te beoefen, maar miljoene jonger Amerikaners, Britte, Kanadese en Suid-Afrikaners *aanvaar* moontlik bloot dat 'n nasie demokrasie moet beoefen ten einde welvarend en sterk te wees. In ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika*, word deeglik verduidelik dat diegene wat van Amerikaanse en Britse afkoms is, welvarend en magtig geword het omdat die Almagtige God hulle spesifiek *geseën* het in hierdie laaste dae, om Sy belofte aan die patriarg Abraham na te kom. Versoek gerus hierdie insiggewende boekie en *bestudeer* dit indien u dit nie reeds gedoen het nie. Dit sal heeltemal *gratis* op versoek aan u gestuur word.

Die Amerikaanse eksperiment

Die Amerikaanse "eksperiment met demokrasie"—soos dit vir baie jare genoem is—was hoofsaaklik suksesvol danksy hierdie wonderlike belofte van nasionale grootsheid wat

God nagekom het. 'n Bykomende rede vir Amerika se sukses, was egter ook die stigtingsvaders, wat beskryf is as die mees ongewone groep mans, *uniek gekwalifiseer* om die soort regering wat Amerika nou het, daar te stel en voort te sit. George Washington, John Adams, Thomas Jefferson, Alexander Hamilton, Benjamin Franklin en baie ander van die oorspronklike Amerikaanse leiers was baie intelligent, hoogs opgelei en deeglik bekend met die Engelse gemeneg en die *beginsels* waarop Amerikaanse demokrasie gebou is.

Daarom, *in teenstelling met* byvoorbeeld die massas onopgevoede mense in die Midde-Ooste wat *nooit* enige ondervinding gehad het met hierdie instellings nie, kon hierdie manne 'n soort regering daarstel wat ons nou het en dit suksesvol maak. Baie van Amerika se eie vroeë leiers het *diepsinnig verstaan* dat nie somer enige mense enige plek 'n demokrasie suksesvol kon maak nie. Trouens, John Adams, die tweede president van die VSA, het gesê: “Ons het geen regering wat bewapen is met die mag om mee te ding met menslike passies nie; onbeteuel deur moraliteit en ware godsdiens. Amerika se Grondwet is slegs gemaak vir 'n morele en godsdienstige nasie. Dit is heeltemal ontoereikend vir die regering van enige ander nasie.”

Wat behels 'n “morele en godsdienstige nasie”? Miljoene Moslems in die Midde-Ooste voel dat “Amerikaanse demokrasie” vieslike films, tydskrifte en musiek geproduseer het en dit nou na ander lande uitvoer om ongeoorloofde seks en geweld te verheerlik, die gesinstruktuur en ander instellings af te breek en selfs God te *laster*.

Dit is moeilik om daarmee te stry!

Hoewel demokrasie *op die oog af* vir mense gee wat die meerderheid wil hê, blyk dit dikwels in praktyk dat slegs 'n *klein* uitverkore groepie mense eintlik die regering beheer. George Will is een van die hoogs gerespekteerde kolomskrywers en nuusontleders in Amerika wat geskryf het oor sy vrese dat Amerika 'n “regter-krasie” word—dat aktivis-regters die wetgewers se mag *wegneem* om wette te skryf en daarenteen *uitspraak lewer* oor wette wat op hul eie politieke oortuigings gegrond is. Dit het in onlangse tye herhaaldelik voorgekom, selfs tot die groot konsternasie van president Bush en ander leiers.

Skrywer Gene Edward Veith lewer

kommentaar oor dieselfde aangeleentheid: “Dit benadeel konserwatiefgesindes wesenlik. Liberale regters kan wette uitgooi waarvan hulle nie hou nie, terwyl hulle daarop kan aandring dat mense die wette waarvan hulle wel hou, tot die letter gehoorsaam. Dit lewer die konserwatiewe regters, wat uit beginsel alle wette volg, aan hulle genade uit. Hierdie regterlike wurggreep lei tot 'n grondwetlike krisis. Wanneer howe wette maak—en nie die mense of hul verkose verteenwoordigers nie—het ons van demokrasie na paarmansregering oorgegaan. Wanneer die howe nie meer deur die Grondwet gebonde is nie, is hul mag ongebonde” (*World*, 11 September 2004).

Met betrekking tot “paarmansregering” het 'n lid van die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers, Bernard Sanders (Onafhanklike-Vermont) geskryf: “Paarmansregering verwys nie net na die onregverdige verspreiding van rykdom nie, maar na die feit dat die besluite wat ons bewustheid vorm en ons lewens raak, gemaak word deur 'n baie klein en magtige groepie mense. Die massa media (televisie, radio, koerante, tydskrifte, rolprent- en videomaatskappye) byvoorbeeld, word grootliks beheer deur 'n aantal multinasionale korporasies wat die nuus en programme wat ons sien, hoor en lees—en uiteindelik ook wat ons glo—bepaal. Terwyl geweld, skandaal, verskrikking, sport en Rush Limbaugh baie aandag geniet, ontvang ons feitlik geen in diepte ontleding van die probleme of oplossings wat die werkersklas in die gesig staar nie. Ekonomiese besluite wat die lewens van miljoene Amerikaanse gesinne verwoes, word deur 'n paar hoof uitvoerende beamptes gemaak. Terwyl hierdie korporatiewe leiers die verbrokkeling van 'moraliteit' en 'wet en orde' betreur, maak hulle winsgewende maatskappye toe, verminder lone en voordele, ontnem afgetrede werkers van hul pensioen en voer ons werksgeleenthede uit na Derdewêreld-lande. Amerikaanse werkers, wat dikwels dekades van hul lewens vir hierdie maatskappye opgeoffer het, het absoluut geen sê oor wat met hulle by die werk gebeur nie. Hulle is magteloos en vervangbaar, wat presies is waaroor paarmansregering gaan.”

So, weereens, wie lei vir *wie* om die bos?

Amerika loop nie net die gevaar om 'n “regter-krasie” te word weens die aktivis-regters wat ons

algehele leefwyse verander nie, hulle word ook al hoe meer 'n “paarmansregering” as gevolg van die oorheersing van hul denkvermoë, maatskappye en baie fasette van hul lewens deur 'n *baie klein* en baie magtige groep mense. Hoewel dit **nie** is wat die “stigtingvaders” in gedagte gehad het nie, is dit wat die VSA vinnig besig is om te word.

Waarom dan, kan ons ons enigszins indink dat 'n Amerikaanse soort regering op die oorwegend onopgeleide massas van die Midde-Ooste afgedwing moet word wat *geen kennis hoegenaamd* van hierdie soort regering of demokratiese instansies het nie en wat dikwels gekant is teen demokrasie weens baie sterk godsdienstredes?

Demokrasie vir Moslemnasies?

Professor Bernard Lewis word wyd geag as een van die mees gerespekteerde geskiedkundiges en analiste van die Midde-Ooste en sy probleme. In sy bekroonde volume, *The Crisis of Islam*, beskryf hy die gevare verbonde daaraan om demokrasie op Moslems af te dwing en hoe Islamitiese fundamentalisteregimes dikwels deur demokrasie en die stemproses aan bewind gekom het: “Soortgelyke probleme kom na vore in Egipte, Pakistan en in party ander Moslemlande waar die waarskynlikheid bestaan dat 'n waarlik vry en regverdige verkiesing 'n Islamoorwinning tot gevolg sal hê. Hierin is die demokrate natuurlik benadeel. Hul ideologie vereis van hulle, selfs wanneer hulle aan bewind is, om vryheid en regte aan die Islamitiese opposisie te gee. Die Islamiete, wanneer hulle aan bewind is, staan onder geen sodanige verpligting nie. Intendeel, hul beginsels vereis van hulle om dit te onderdruk wat hulle as goddelose en rewolusionêre aktiwiteite beskou. Vir Islamiete is demokrasie, wat aan die wil van die volk uiting gee, die pad na mag, maar dit is 'n eenrigtingpad, waarop daar geen omkeer is nie, geen verwerping van die soewereiniteit van God, soos deur Sy verkose verteenwoordigers [die Islamitiese godsdiensteleiers] beoefen word nie” (bl. 111).

Baie godsdienstige Moslems sien die einste praktyk van demokrasie as 'n aksie waarin jy jou rug op God keer. Daarom is hulle dikwels *gewelddadig* daarteen gekant en sal tot die dood baklei om die voortgesette beoefening van enige vorm van ware demokrasie stop te sit, hoewel hulle

“demokrasie”—die stemproses—vir 'n kort wyle sal *benut*, *mits* dit hulle toelaat om die bestaande regime omver te werp en in die plek daarvan 'n Islamitiese republiek daar te stel wat dan 'n *heeltemal* ondemokratiese en diktatoriale regime word!

In die lig van die probleme wat met demokrasie gepaard gaan, *is daar 'n beter weg?* Is daar 'n beter regeringsvorm wat ware en *blywende* vrede, voorspoed en welstand vir die bewoners van hierdie aarde sal bring?

Ja!

Dit is op stuk van sake waaroor die “Ewangelie” van Jesus Christus gaan! Jesus het nie net na hierdie aarde gekom om as ons Verlosser te sterf nie, maar ook om die **Goeie Nuus** van die komende Regering van God te bring wat binnekort op hierdie aarde gevestig gaan word en *vrede* en **vreugde** vir alle mense sal bring! “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die ewangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glodie ewangelie” (Markus 1:14-15).

Die eerskomende Regering van God

Die woord “koninkryk” beteken *regering* en hoewel dit vreeslik deur die meeste belydende leraars van Jesus Christus *afgeskeep* word, was een van die primêre dinge waarop Jesus se boodskap klem gelê het, die komende *Regering* van God. Wanneer die apostel Petrus die Ewangelie gepreek het, het hy gepraat van “en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die **tye van die wederoprigting** van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van **al** sy heilige profete” (Handelinge 3:20-21).

Jesus vertel die Apostels: “En Ek beskik vir julle 'n **koninkryk** soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op **trone** sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel” (Lukas 22:29-30). Daar sal dus aan die Apostels trone gegee word waarop hulle sal sit en in die Wêreld van Môre oor die twaalf nasies van Israel regeer. Hulle sal Jesus Christus *bystaan* in die regering en die uitvoer van *regverdige oordeel*, want na die “sewende basuin” weerklink het, “[het] die **koninkryke** van die wêreld

... die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning **heers** tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

In Openbaring 19:16 sien ons dat een van Jesus se titels, “**Die Koning van die konings en die Here van die here**” is. Jesus sal dus die Koning *van* die ander konings wees wat onder Hom sal regeer en Hom sal help om die sake van die ganse aarde te bestuur. Soos Daniël geïnspireer is om vir ons te sê: “Dan word die **koningskap** en die heerskappy en die grootheid van die **koninkryke** onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle **koninkryk** is 'n ewige **koninkryk**, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27).

In die gelykenis van die ponde, beskryf Jesus hoe die “oorwinnaars” in die komende Regering van God **gesag** oor stede sal ontvang. Aan die dienskneg wie se pond tien ponde geword het, is gesê: “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, *moet jy gesag hê oor tien stede*. En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien. En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees **oor** vyf stede” (Lukas 19:16-19). Die ware heiliges van Jesus Christus, wat Sy leringe verstaan en bereid is om dit waarlik te *gehoorsaam*, is nou besig om “opgelei” te word om konings en priesters te word in Sy komende Koninkryk. Soos Jesus Sy volgelinge belooft: “En aan hom wat **oorwin** en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle **regeer** met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27).

Die apostel Paulus is geïnspireer om te beskryf hoe ware Christene hulle nou moet gereedmaak om Christus by te staan om hierdie aarde te regeer. Lees asseblief hierdie opdrag in 1 Korintiërs 6:1-5 in die *Nuwe Testament* noukeurig: “Durf iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander het, gaan reg soek voor die onregverdiges en nie voor die heiliges nie? Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge? As julle dan alledaagse regsake het, moet julle dié persone daarvoor laat sit wat in die gemeente die minste geag word. Ek sê dit tot julle

beskaming. Is daar dan nie eens een wyse onder julle, wat uitspraak sal kan doen tussen sy broeders nie?”

Let daarop dat Christene in God se Kerk behoort te leer om te “oordeel” tussen verskillende probleme wat tussen hulle opduik en hulle *nie* daartoe wend om 'n broer na 'n wêreldse hof toe te sleep nie. Dan herinner Paulus ons dat “*die heiliges die wêreld sal oordeel*” en daarom moet hulle leer om die menslike probleme en argumente wat tussen ons kan opduik, te beoordeel.

Regdeur hierdie skrifgedeelte, vertel Paulus die Christene duidelik dat dit hul toekomstige verantwoordelikheid is om die wêreld en selfs die “engele” (vers 3) te oordeel. **Waarom** word belydende Christene **nie geleer** dat *dit* hul ware doelwit is nie? Die ware toekoms van die ware Christen is om Christus by te staan om hierdie aarde te **regeer**—**nie** om hemel toe te sweef met *niks om te doen* nie!

Die WARE toekomsregering

Die apostel Johannes vertel ons in God se geïnspireerde woord: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings **regeer** duisend jaar lank” (Openbaring 20:6). In Openbaring 5:9-10 lees ons ook die “lied van die heiliges” wat Christus prys en sê: “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons *konings* en *priesters* vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde **heers**.”

Dit word regdeur die ganse Bybel baie duidelik gemaak dat daar *geen* “demokrasie” en *geen* “stemmery” in Christus se regering sal wees nie, want soos ons in Hebreërs 13:8 lees: “Jesus Christus is gister en vandag *dieselfde* en tot in ewigheid.”

As die “Rots van Israel” (1 Korintiërs 10:4) het Christus Moses gelei om leiers onder hom *aan te stel* om die ganse nasie van Israel te regeer: “Maar **kies** jy uit die hele volk bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins haat. En stel dié aan oor hulle: owerstes oor duisend, owerstes oor honderd, owerstes oor

vyftig en owerstes oor tien” (Eksodus 18:21). Dit was beslis regdeur die hele geskiedenis van antieke Israel toegepas.

Toe Samuel aangesê is om 'n koning te kies om Saul (wat homself gediskwalifiseer het) te vervang, was hy in die versoeking om een van Dawid se ouer broers aan te stel wat 'n beter indruk geskep het, maar Christus verduidelik waarom dit verkeerd was: “Want nie wat die méns sien, *sien* God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, *maar die Here sien die hart aan*” (1 Samuel 16:7).

In ons demokratiese stelsel, lei 'n klein groepie in die binnekring gewoonlik die situasie sodat die publiek net vertel word van 'n paar potensiële benoemings vir 'n amp. Dan word die verkiesingsveldtogte vir die benoemdes van elke party met nougesetheit uitgevoer en uiteindelik word die publiek toegelaat om vir iemand te stem wat “aanvaarbaar” is vir daardie binnekring. Wanneer hulle byvoorbeeld uiteindelik stem vir een van die presidensiële kandidate, weet die man op straat *baie min* oor die ware vermoëns, persoonlike gewoontes en sondes, probleme of selfs die ware sterk punte van die persoon waarvoor hulle stem. Hoeveel Amerikaners sou vir John F. Kennedy gestem het as hulle selfs net 'n beduidenis van 'n idee gehad het tot watter mate hy na bewering rondgeloop het en dat die name van duisende *doeie mense* wat in die begraafplase van Chicago en Wes-Texas lê, deur verkiesingsbedrog gebruik is om Kennedy in sy amp te kry?

Dit is natuurlik goed geboekstaaf dat *elke politieke party* op die een of ander stadium soortgelyke politieke kullery pleeg, maar die punt is dat die gemiddelde kieser dikwels *baie min* weet van die kandidaat waarvoor hy of sy stem. Die party se binnekring maak seker dat die “slegte dinge” nie tot later bekend word nie!

Hoeveel beter sal dit nie wees in die Wêreld van Môre nie, wanneer Jesus Christus—wat die harte van mense ken—leiers kies wat onder Sy leiding as Koning van konings sal funksioneer! Want Jesus Christus is die einste God en Hy het volmaakte *wysheid*, algehele *mag* en oneindige *liefde*. Hy het groot *meelewing* met elke mens en sal algehele spontane besorgdheid uitoefen vir *ons beswil*. “Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die

wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is” (Psalm 103:11-14).

Die geïnspireerde woord van God vertel ons: “Maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak” (Jesaja 11:4) en “Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (vers 9). Daar sal dus **geen oorlog meer** wees nie en *God* se kennis—God se benadering tot alle dinge—sal die ganse aarde vul.

In nog 'n profesie vir die “laaste dae” (Miga 4:1), sê God vir ons: “Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërske het dit gespreek” (vers 4). God se woord beskryf duidelik 'n tyd van *voorspoed* wanneer elke gesin sy **eie** eiendom sal besit; wanneer God die weer en die gewasse sal seën en mense 'n *leefwyse* sal leer wat op God se **wet** van liefde geskoei is. God beskryf dat Sy mense vooruitstrewend en gelukkig sal wees wanneer Hy hulle uit die eerskomende Groot Verdrukking verlos: “In plaas van julle skande *ontvang julle* 'n dubbele deel; en in plaas van die smaad sal hulle jubel oor hul deel. Daarom sal hulle in hul land 'n dubbele deel in besit neem, **ewige vreugde genieë**” (Jesaja 61:7).

Die huidige “politiekery” en *stemmery* vir leiers wat ons nie werklik ken of verstaan nie, sal binnekort 'n einde kry. Hoewel demokrasie een van die beste *menslik-uitgedinkte* regeeringsvorms is, is dit hoegenaamd nie die “ding vir die toekoms” nie. Ons moet almal waarlik *God* se vorm van regering leer en verstaan, want die ware heiliges van God sal binnekort geroep word om *daardie regeeringsvorm* in die Wêreld van Môre toe te pas. Alle ware Christene—en *alle* mense met goeie bedoelings—moet leer om met *begrip* te bid: “Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook **op die aarde**” (Mattheus 6:10).

Vrae & Antwoorde

Vraag: Wat het die apostel Johannes bedoel toe hy gewaarsku het dat “daar nou ook baie antichriste [bestaan]”? Wat is 'n antichris?


Antwoord: Ten einde die term “*antichris*” te verstaan—wat slegs in 1 en 2 Johannes voorkom—is dit nuttig om die teksverse te ondersoek wat die term gebruik. Die frase “baie antichriste” verskyn in 1 Johannes 2:18: “Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou *baie antichriste*, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.”

Die woord *antichris* in hierdie vers beteken “teen Christus” of “in plaas van Christus” of verwys na 'n vals Christus wat die ware Christus “teëstaan” (*Vine's Expository Dictionary*). Die apostel Johannes waarsku dat daar baie teenstanders van die ware Christus en Sy boodskap bestaan het. Party van hulle het God se ware Kerk geïnfiltreer. Johannes sê voorts: “Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie” (vers 19). Johannes bevestig dit verder en gee meer besonderhede.

Let op wat Johannes in die volgende sendbrief skryf: “Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris” (2 Johannes 7). Hier beskryf Johannes 'n antichris as 'n **verleier**. Gedurende die Apostels se bediening het 'n vervuiling van vals leringe te voorskyn gekom. Een sodanige misleiding het behels die Gnostiese **ontkenning** dat Jesus Christus as die eniggebore Seun van God in die vlees gekom het. Die Gnostiese dwaalleer het tot die gevolgtrekking gekom dat dit net **gelyk het** asof Christus die menslike vorm aangeneem het (*New Testament Introduction*, deur Donald Guthrie, bl. 870). Daarom was Gnostiese leermeesters onder die baie antichriste wat Christus se koms in die vlees as die Seun van God wat vlees geword het, verwerp het. Die gevolge van sodanige leerstellings verwater Christus se

offer en gee 'n ontoereikende beskrywing van sonde—wat die genade verander in ongebondenheid (Judas 4). Johannes skryf sy brief om hierdie vals idees te bestry en om God se mense in die waarheid te versterk. Let daarop hoe Johannes geskryf het dat verleiers ontken het “dat Jesus Christus **in die vlees gekom het**.” Die terloopse leser kan dit verstaan in die sin van Christus se eerste koms in die vlees, maar daar is 'n bykomende betekenis.

Die *Williams New Testament Translation* werp lig op hierdie vers in Engels deur dit weer te gee as “**continues to come** [kom steeds]”. Met ander woorde, Jesus Christus het nie net in die vlees gekom om die volmaakte offer vir sonde te wees nie, maar Hy **kom steeds** in die vlees van Christene deur Sy lewe in ons te leef. Ons lees: “En hy wat sy geboorte bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gegee het” (1 Johannes 3:24). Jesus Christus bly of woon in ons deur Sy Heilige Gees (Galasiërs 2:20). Hy sê: “As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak” (Johannes 14:23).

In sterk teenstelling sal die gees van antichris “nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie” (1 Johannes 4:2-3). Hierdie leuenagtige gees ontken die werklikheid van Christus se eerste koms en die wonderlike waarheid dat Jesus Christus, deur die Heilige Gees, Sy lewe in ons kan leef—dieselfde lewe wat Hy geleef het toe Hy op aarde was—'n lewe van gehoorsaamheid aan God se wet! 'n Antichris is dus iemand wat teen Christus is—teen Sy wet en teen Sy leefwyse. Hierdie gees van antichris of wetteloosheid wat vandag so algemeen voorkom, was reeds in die apostel Paulus se tyd 'n algemene verskynsel: “Want die verborgenheid van die ongeregtheid is al aan die werk” (2 Thessalonicense 2:7). Vir nog inligting, skryf en vra gerus vir ons gratis boekie, *Wie of wat is die antichris?* 

Profesie neem

Onheil op onheil!

Die wêreld het die afgelope dekade 'n reeks ongekende rampspoedige gebeure beleef! Baie mense begin vra: **Waarom** gebeur hierdie dinge? Op 11 September 2001 het 'n nuwe era van wêreldterrorisme op die wêreldtoneel losgebars toe selferkende Moslem djihadiste 'n aanslag op belangrike simbole van Westerse mag maak het—die Wêreldhandelsentrum en die Pentagon. Hierdie aanvalle is voorafgegaan deur bomontploffings by die Verenigde State se ambassades in Kenia en Tanzanië en 'n aanval op die Amerikaanse oorlogskip Cole in die Persiese Golf. Daaropvolgende ontploffings het Australiese toeriste in Bali as teiken gehad. Die terroriste-ontploffings in Madrid en Londen was gemik op die VSA se bondgenote.

Rekorddroogtes, storms, oorstromings, orkane, aardbewings en vloedgolwe het gedurende hierdie selfde dekade regoor die wêreld voorgekom. Hierdie erge weerstoestande en geologiese gebeure het die VSA, Brittanje en ander Europese lande besonder hard getref. Engeland, Skotland en Wallis het die afgelope jare erg deur storms en oorstromings deurgeloop en dit reg op die hakke van die “malbees” ramp wat die eens trotse Britse beesbedryf byna aan bande gelê het. Gedeeltes van Wes-Europa het geleidelik onder fel hittegolwe, droogtes, brande en oorstromings. Groot dele van

Amerika, Australië en Suid-Afrika het gebuk gegaan onder die langste droogtes in 'n eeu. Die Amerikaanse staat Florida is in 2004 deur vier orkane in die bestek van 'n paar maande getref, wat ongehoord is. In 2005 het twee kragtige orkane die kusgebiede van Louisiana en Texas na mekaar getref. Dit het 'n groot deel van New Orleans vernietig en “die wydverspreidste skade” aan raffinaderye aangerig wat die Golfkus nog ooit ervaar het—100 persent van die ruolieproduksie en 80 persent van die aardgasproduksie is buite aksie gestel en dit sal maande neem om te herstel. Brandstofpryse het die hoogte ingeskiet, wat reise beperk.

Wetenskaplikes en politici stry oor “aardverwarming” en twis oor die presiese mate van die mensdom se rol in die totstandkoming van die toestande wat aanleiding gegee het tot die onlangse weersontwrigtings. Byna al hierdie “kenners”—en selfs die meeste godsdienstige mense—is nie bewus daarvan dat die Bybel *bykomende inligting* verskaf oor die *werklike betekenis* van hierdie ongekende rampe wat die wêreld teister nie en *waarom spesifieke nasies* (insluitende die VSA, Brittanje, Australië, Suid-Afrika en die nasies van Noordwes-Europa) so hard geslaan word. Min mense besef vandag dat *meer as 'n kwart van die Bybel uit profesieë bestaan*—waarvan die meeste verband hou met die *einde van*

hierdie tydperk—die tydperk net voor die Wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde. Ons sien vandag hoe hierdie profesieë *gestalte aanneem!*

Seëninge en vloeke

Die Skrif onthul dat *daar 'n God is* wat die toekoms kan voorspel en dit laat gebeur. Die profeet Jesaja is geïnspireer om te skryf: “Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie” (Jesaja 46:9-10). Die God wat die Bybel geïnspireer het, het die volk Israel gevorm deur Abraham, Isak en Jakob te roep. Danksy hulle gehoorsaamheid, het God groot seëninge aan hul nageslagte (die twaalf stamme van Israel) beloof (Genesis 12:1-3). Die Bybel openbaar dat die uiteindelijke verwesenliking van die beloofde seëninge in die “laaste dae” sal plaasvind (Genesis 49:1-28), met die grootste seëninge wat beskore is vir Josef se twee seuns—Manasse (voorspel om 'n groot nasie te word) en Efraim (voorspel om 'n *menigte* [of gemenebes] van nasies te word). Hierdie belangrike profesieë is vervul in die Verenigde State en Brittanje, en in die Anglo-Saksies-Keltiese nasies van Noordwes-Europese afkoms wat wêreldwyd versprei het (vra vir ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*).

gestalte aan

God het egter nie net seëninge belooft vir gehoorsaamheid aan Sy wette nie; Hy het ook gesê dat daar *ernstige gevolge* sou wees indien die afstammeling van hierdie nasies Hom sou vergeet en nie Sy geboorte sou nakom nie. In die parallelle hoofstukke van Levitikus 26 en Deuteronomium 28, het God Moses opdrag gegee om aan die Israeliete te sê dat gehoorsaamheid “reën van jou land op die regte tyd” sou meebring en oorvloedige oeste, toegang tot noodsaaklike hulpbronne, oorwinning oor vyande en ongeëwenaarde voorspoed, “En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees” (Deuteronomium 28:10). Tog het Moses egter ook gewaarsku dat die *gevolge van ongehoorsaamheid* droogte, hongersnood, siektes, gebrek aan voorspoed, oorwinning deur vyande en uiteindelijke gevangenskap sou meebring (Deuteronomium 28:15-68).

As die mensdom die omgewingswette skend wat die wêreld se ekostelsel beheer, behoort dit nie verbasend te wees dat dit aanleiding gee tot ernstige ontwrigting van weerstoestande nie. Hoewel die gevolge van omgewingsontwrigting wêreldwyd voorkom, is dit noemenswaardig opmerklik dat *ernstige* rampe nou nasies tref wat God vantevore oorvloedig geseën het—nasies wat hul rûe op die ware God van die Bybel gekeer en Sy wette en

opdragte geïgnoreer het.

Profetiese waarskuwings

In die dae van antieke Israel, het God profete gestuur om Sy mense te waarsku dat hulle ongehoorsaamheid toenemend ernstige gevolge sou meebring. Hierdie profesieë is “tweeledig”—dieselfde waarskuwings geld vandag vir die hedendaagse nageslag van antieke Israel. Jeremia het 'n toekomstige tyd van groot probleme vir daardie nasies voorsien: “Want kyk, daar kom dae ... dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob ... Al jou minnaars [bondgenote] het jou vergeet, hulle vra nie na jou nie; want Ek het jou geslaan soos 'n vyand slaan, met 'n wrede tugtiging, omdat jou ongeregtigheid groot is ... aan die einde van die dae sal julle dit verstaan” (Jeremia 30:3, 7, 14, 24).

Jeremia beskryf hoe godsdiensteilers van Israelitiese nasies die mense sal mislei en God se wette sal minag en hoe hul leiers mense teenstrydig met die Woord van God sal lei. Hy skryf: “Jou eie boosheid sal jou tugtig... jy [het] die HERE jou God verlaat, en my vrees [is] nie by jou nie” (Jeremia 2:19).

Deesdae is baie Israelitiese nasies *trots* op hul *wêreldlike* kultuur. In die Verenigde State, waar die Tien Geboorte op bevel van die Hooggeregshof uit regeringsgeboue verban is, vier owerspel en aborsie hoogty en perverse seksuele verhoudings is

aan die orde van die dag.

Moses het God se waarskuwing eeue tevore geboekstaaf: “Maar as julle nie na My luister... sal [Ek] *verskrikking* oor julle beskik... sodat julle voor jul vyande verslaan word... julle haters sal oor julle heers... *Ek sal julle trots mag verbreek*, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper... en julle vee uitroei... sodat julle paaie verlate sal wees... As Ek vir julle die staf van die brood verbreek... Ek sal julle stede puinhope maak... Ek sal julle onder die volke verstrooi” (Levitikus 26:14-33).

Die profeet Esegïel is na die opstandige huise van Israel en Juda gestuur met die waarskuwing: “Nou is die einde oor jou en Ek sal... jou oordeel volgens jou weë ... Die lotsverandering kom teen jou... Die tyd kom, die dag is naby ... Die swaard [is] buite, en die pes en die hongersnood binne... Die angs kom; en hulle soek vrede, maar dit is nie daar nie. *Onheil op onheil kom* ... en hulle sal weet dat Ek die HERE is” (Esegïel 7:1-27).

Dit is presies die soort gebeure wat deesdae hoofnuus haal! God het hierdie waarskuwings vir Sy mense, wat Hy gekies het om as ligte vir die wêreld te dien, laat opteken en bewaar. Hulle mislukking om aan hierdie oproep gestand te doen, het hierdie antieke profesieë *gestalte laat aanneem* namate ons die einde van hierdie tyd en die Wederkoms van Jesus Christus nader.

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 13 — Aborsie: 'n Hedendaagse Groot Slagting?

Bork noem die Amerikaanse Hooggeregshof se besluit in *Roe vs. Wade*, wat aborsie gewettig het, 'n poging deur die liberale sekulêre elite om *hulle waardes* aan die res van die volk *af te smeer* (sien Bork, bl. 174). Hy merk op: “Aborsie het ons hard gemaak” en “die *ontaarding* van ons kultuur” weerspieël dit (*ibid.*, bl. 182). Hy verklaar: “Die stelselmatige doodmaak van ongebore kinders in groot getalle is deel van 'n algemene minagting vir menseleuens wat al vir 'n geruime tyd toeneem. Aborsie... verdiep en maak die nihilisme (minagting vir tradisionele waardes) wat in ons kultuur versprei, geldig en vind dit *aanvaarbaar* om vir gerief dood te maak” (*ibid.*, bl. 192).

Britse maatskaplike kritikus, Peter Hitchens, maak 'n soortgelyke waarneming, naamlik aborsie “*besmet* enige samelewing wat dit vrylik toelaat. Die gedagte dat onskuldige lewe wettiglik vir ander mense se gerief of vir die beweerde beswil van die samelewing beëindig kan word en algemeen aanvaar word, *vernietig* die regsreël self” (*The Spectator*, 7 Augustus 2004). Britse rubriekskrywer Bruce

Anderson verklaar: “Oor die afgelope 40 jaar het die aborsiekliniek 'n onmiskenbare deel van die lewensbystandstelsel van die bandelose samelewing geword. Die onbepaalde genot van seksuele ongebondenheid vereis nie net voorbehoedmiddels nie, maar retro-aktiewe voorbehoedmiddels [aborsie]” (*The Spectator*, 17 Julie 2004).

Selfs diegene wat die debat met die uitgangspunt van “voortplantingsregte” probeer stuur het, kan nie die negatiewe maatskaplike neigings wat met aborsie gepaard gegaan het, eerlik ontken nie. Hulle kan net sê dat hierdie negatiewe neigings, volgens hulle waardestelsel, die prys wat betaal word, werd is. Uiteindelik is twee vrae tersaaklik—wie se waardes sal seëvier, en wie sal die samelewing beheer? Dr. Andrzej Kulczycki, 'n Verenigde Nasies konsultant, merk op “die debat oor aborsie weerspieël 'n konflik oor wie die samelewing beheer”—sosiale liberaliste of godsdienstige sosiale konserwatiewes—“hul geskille weerspieël baie uiteenlopende begrippe oor die fetus, die vrou en inderdaad oor hoe die

wêreld saamgestel behoort te word” (*The Abortion Debate*, Kulczycki, bl. 157; 18). Hierdie uiteenlopende sienswyses is vandag aan die kern van die bitter kulturele oorloë wat mense polariseer en nasies verdeel.

Dit is veelseggend dat aborsie nou algemeen aanvaar word in baie kulture wat hulself in die verlede “Christen” genoem het. Bybelprofesie waarsku dat mense “in die laaste dae” “liefhebbers van hulself [sal] wees [ingestel op hul eie regte en begeertes tot die uitsluiting van besorgdheid oor andere] ... liefdeloos [gevoelloos en sonder natuurlike liefde—moeders vir hul eie kinders] ... brutaal” (2 Timotheus 3:1-5). Ons wêreld vandag word presies in hierdie profesieë beskryf, tog sal hierdie neigings veel erger word in die jare wat voorlê. Goddank, die Wederkoms van Jesus Christus sal eersdaags die Koninkryk van God en 'n terugkeer tot Bybelse waardes tot gevolg hê en “die hart van die vaders [en moeders] terugbring tot die kinders”. Dan, uiteindelik, sal die tragiese hedendaagse groot slagting van aborsie iets van die verlede wees! [www](#)

Wie beheer die weer?

Is “natuurrampe” die onpersoonlike werking van “Moeder Natuur”,
of is dit 'n LEWENBELANGRIKE boodskap van God?

Sodanige natuurrampe word soms 'n natuurkrag genoem, so bestier deur God.

Maar wat is Sy EINTLIKE rol in die droogtes, hongersnode, vloede en aardbewings wat ons wêreld tref?

Wat sê die Bybel oor sulke natuurrampe in die eindtyd?

Hoe kan Christene hulle hierop voorberei?

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Vervolg vanaf bladsy 6 – Daar kom 'n nuwe wêreld

oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak” (verse 1-2, 4). Later in hierdie skrifgedeelte beskryf God hoe “wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja” (vers 6). Hier vind ons dat 'n wonderlike samelewing beskryf word waar die grote **God** ingegryp het om *selfs in die diere*, 'n vredeliewende aard te plaas! Dus sê God vir ons: “Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die **kennis** van die HERE soos die waters die seabodem oordek” (vers 9).

God sal die aarde se “natuurwette” op daardie tyd aanpas sodat *mooiweer* aan die orde van die dag sal wees en mense *vooruitstrewend* kan wees en sodat 'n gevoel van diep innerlike *vrede* en *veiligheid* sal oorheers. Jesaja 35:1 sê vir ons: “Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig


en bloei soos 'n narsing.” Later: “Dan sal die oë van die **blindes** geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis” (verse 5-6). Op daardie tyd sal God allerlei siektes bonatuurlik *genees*. Daarmee sal die **miljarde** dollars wat bestee word en miljoene mense in die wêreld se gedurige bekommernis, pyn en stille lyding weens voortgesette siektes, tot 'n **einde** kom.

God sal selfs die “wilde” aard van diere verander. “Dáár sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel; en die losgekooptes van die HERE sal teruggaan en na Sion kom met **gejubel**, en ewige **vreugde** sal op hulle hoof wees; vreugde en blydschap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg” (verse 9-10).

Sal u bereid wees om hierdie **talle** verse te verstaan wat die *leefwyse* van en **waarheid** oor

God se komende Koninkryk duidelik maak? Toe Jesus ons opdrag gee hoe om te bid, sê Hy: “Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; *laat u **koninkryk** kom*; laat u **wil** geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde” (Mattheus 6:9-10).

In die Wêreld van Môre sal al die mense op aarde uiteindelik begin om God se **ware** godsdiens te leer, want dit is 'n *leefwyse* wat hulle moet **verstaan**. Dit sal ook, soos ons gesien het, “ewige **vreugde**” bring wanneer dit uiteindelik en waarlik opgerig is.

Wanneer u op u knieë gaan en bid: “Laat U **Koninkryk** kom”, moet u verstaan wat die *betekenis* van daardie Koninkryk is—Christus se komende regering en die **werklikheid** daarvan. Dan kan u begin om u deel te doen om uself **voor te berei** om daardie Koninkryk binne te gaan, 'n volle kind van God te word en sodoende die **doel** waarvoor u gebore is, te vervul! 

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

Bybel werklik te **bestudeer**! Dit mag na bog klink, maar ek dink regtig dat *u lewe 'n ommekeer sal ondergaan* deur dit te doen!

Maar *hoe* moet u studeer?

Suksesvolle Bybelstudente gebruik 'n paar verskillende metodes. Die twee metodes wat ek ten sterkste aanbeveel—en u kan dit afwissel—is *onderwerpstudie* en om bloot *die Boek te lees*. Onderwerpstudie behels die gebruik van 'n konkordansie om verskillende Bybelonderwerpe, soos “hemel” of “hel”, “ewige lewe” of “gebooië” op te soek en al die skrifgedeeltes wat daarmee verband hou, te lees. Dit is 'n *uitstekende* manier

om op geordende wyse te leer wat die *Bybel werklik* sê oor watter onderwerp ook al. Hierdie benadering moet beslis gereeld aangewend word.

Die *tweede metode* van Bybelstudie wat ek meestal gebruik, is die “regdeur lees” metode. Dit behels—net soos dit sê—om bloot regdeur Bybelboeke te lees, soos mens 'n geskiedenisboek of 'n boek oor enige ander onderwerp sou lees. Dit is nou my *gunsteling* studiemetode, aangesien ek in vorige dekades 'n uitgebreide studie van die meeste hoofonderwerpe in die Bybel gemaak het deur

van die eersgenoemde metode gebruik te maak. Deur eenvoudig die Bybel op hierdie manier te lees, gee mens die “gevoel” van presies hoe 'n spesifieke onderwerp *in konteks* gebring kan word—dit is hoe dit inskakel by die groot geheel van die Boek en by die onderwerp onder bespreking. Dit is ook sonder twyfel die *primêre metode* wat God se dienaars gedurende Nuwe-Testamentiese tye gebruik het—en vir ten minste 'n paar eeue daarna—omdat daar vir eeue *geen konkordansies* beskikbaar was nie!

Die apostel Paulus kon dalk byvoorbeeld slegs 'n *gedeelte* van 'n perkamentrol van die boek Jesaja, of die een of ander boek, gehad het om te bestudeer. In sy leeftyd, was baie van wat ons vandag die “Nuwe Testament” noem, ook nog nie eers geskryf nie. Wanneer hy dus sê ons moet die *Skrifte bestudeer*, het hy grotendeels die Ou Testament bedoel. Tog word baie belydende Christene egter geleer om “wantrouig” te wees teenoor die Ou Testament. *Wat 'n skande*, want daar is nie met die Ou Testament “weggedoen nie”! Dit moet net verstaan word in die lig van die *vergroting* van God se wet en die bedoeling daarvan, soos dit deur Jesus Christus en die Apostels in die Nuwe Testament gegee word (Jesaja 42:21).

Indien u wil verstaan wat Christus onderrig het en hoe dit nie “wegdoen” met die Ou Testament nie, stel ek voor dat u eenvoudig die Nuwe Testament begin lees—van die begin af *regdeur* die boeke Mattheus, Markus, Lukas, Johannes en Die Handeling van die Apostels, *net* soos u enige ander boek sou lees. Dit sal u beslis die ware “evangelie” gee soos Jesus Christus en die oorspronklike Apostels dit onderrig en beoefen het! Dan sal dit vir “liberale” leraars en selfs vir kettters baie moeilik wees om 'n gek van u te maak met die een of ander heidense begrip van God of die Christelike leefwyse—'n vals begrip wat moontlik gedurende die Middeleeue of daarna ontwikkel is!

Deur my eie ervaring as 'n leraar van Jesus Christus die afgelope 53 jaar, kan ek vir u sê dat diegene wat “laat slap lê” in hul *Bybelstudie*, wesenlik geraak word! Vra asseblief vir God om u te *help*, u te *motiveer* en te *lei* terwyl u Sy

geïnspireerde Woord bestudeer. Hou in gedagte dat u in der waarheid “God se gedagtes” lees—die *openbaring* van u Skepper wat u vertel **waarom** u hier is, u verduidelik *waaroor die lewe* gaan en die **weg** na die ewige lewe openbaar. Onthou dat Jesus Self die nodigheid beklemtoon het dat ons Hom moet “eet”: “Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My **eet**, ook deur My lewe” (Johannes 6:57).

Later sê Jesus, “Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; *die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe*” (vers 63).

Deel van die wonderlike nalatenskap wat deur God se dienaar en ons geliefde broeder, mnr. John Ogwyn, wat verlede jaar gesterf het, aan ons nagelaat is, is die uiters handige *Bybelstudiekursus* wat hy geskryf het. Hierdie kursus is **nie** ingewikkeld of moeilik om te verstaan nie, maar lei 'n mens wel op geordende wyse deur die hoofaspekte van die Bybel en gee spesifieke inligting waarmee u *groot moeite* sou hê, as u dit op u eie moes uitpluis. Dit is alles maklik bewysbaar uit u eie Bybel! Ek moedig **elkeen** van u wat dit nog nie gedoen het nie, ten sterkste aan om in te teken op hierdie kursus. Skakel ons of skryf aan ons kantoor naaste aan u, soos op bladsy 2 van hierdie publikasie. Sê u wil inskryf op ons *Wêreld van Môre Bybelstudie-kursus*. Dit sal **gratis** aan u gestuur word—soos al ons ander literatuur.

Ware Christelikheid—die leringe en voorbeelde van Jesus en die Apostels, is beslis vir 'n lang tyd “onder aanval”! As u self die Bybel met toewyding *bestudeer* ten einde te sien wat dit werklik sê, sal u in staat wees om duidelik deur al die “rook en spieëls” van Satan se misleiding te sien en tot die Waarheid te kom wat God geïnspireer het om deur die bladsye van die Bybel aan die mensdom gegee te word. Soos Jesus sê, “En julle sal die waarheid ken, en die *waarheid sal julle vrymaak*” (Johannes 8:32).

